

'n Griessel-dossier

DEON MEYER

DIE VROU IN DIE BLOU MANTEL



DEON MEYER

DIE VROU IN DIE BLOU MANTEL

Human & Rousseau

OceanofPDF.com

Voorwoord

Waarom is die boekie dan so dun?

Ek weet veral Bennie Griessel-aanhangers gaan dié vraag vra, en met reg ook. Want in Afrikaans is die novelle nie 'n bekende formaat op boekwinkelrakke nie, en die meeste van my boeke bevat meer as honderdduisend woorde. (*Die vrou in die blou mantel* is so net duskant die drie-en-dertigduisend woorde lank.)

Hier is die antwoord: Ek is in 2015 genooi om die Geskenkboek vir die 2017 Spannende Boekeweek in Nederland te skryf.

Die Geskenkboek se formaat is 'n novelle van om en by ses-en-twintigduisend woorde. Vir dié groot eer sê 'n mens net “baie dankie”. En jy durf die onbekende, korter formaat met vrees en bewing aan, want jy volg in die intimiderende voetspore van jou skryfhelde: Frederick Forsyth, Stephen King, Dick Francis, James Ellroy, Henning Mankell, Nicci French en Ian Rankin, om net enkeles te noem.

Die Spannende Boekeweek is een van die projekte van die Stichting Collectieve Propaganda van het Nederlandse Boek (CPNB), 'n uitmuntende organisasie wat hulle uitsluitlik daarop toespits om boeke in Nederland te bevorder en te bemark. Vir een week in die jaar, in Junie, val die kollig op spanningsverhale. Sou jy dan by 'n deelnemende Nederlandse boekwinkel €12,50 of meer bestee, kry jy die Geskenkboek gratis.

Vir die skrywer is dit 'n wonderlike geleentheid, want etlike honderdduisende eksemplare van die Geskenkboek word gedruk, jy toer twee weke lank deur die lengte en breedte van Nederland en jou werk kry dus veel wyer blootstelling as gewoonlik.

Verder ervaar jy ook die unieke proses van die uitnodiging en die inlywingsritueel (alles in groot geheimhouding gehul), en dan deelname aan die voorbereidings- en bekendstellingsprogramme. En jy kry die geleentheid om saam met lieflike mense te werk. Dit was 'n onbeskryflike voorreg en lekkerte.

Maar iewers te midde van al die opwinding besef jy dat Bennie in jou storie 'n groot tree wil gee in sy verhouding met sy vriendin Alexa Barnard, en juis daarom wil jy hê Afrikaanse lesers moet die novelle ook lees, vóór jy 'n volgende Griessel-boek skryf waarin dit 'n faktor gaan wees.

En dan moet jy en jou uitgewer mooi dink oor hoe en waar en wanneer *Die vrou in die blou mantel* in Afrikaans gaan verskyn.

Jy hou ons finale besluit nou in jou hande vas. Ons wou nie wag tot daar eendag genoeg materiaal vir 'n bundel was nie, want aanstaande jaar kom daar nog 'n Griessel-dossier, en Bennie het planne ...

Daarom is die boekie so dun.

(Ek besef dit is 'n skrale troos, maar hierdie uitgawe bevat nagenoeg seweduisend woorde meer as die Nederlandse eksemplaar. Daar was byvoorbeeld nie plek vir die bergfiets-jaagtog in Hollands nie ...)

Ek gebruik graag die geleentheid om almal te bedank wat betrokke was by die vreugdevolle Geskenkboek-proses. My agent Isobel Dixon. Die briljante mense van my uitgewer A.W. Bruna in Nederland: Steven Maat, redakteur Susan Sandérus en mediaskakelbeampte Saskia Hausel. Die hele CPNB-span, veral Eppo van Nispen tot Sevenaer, Gijs Schunselaar, Esther Scholten, Job Jan Altena, Thilini Scherpenzeel en my voortreflike motorbestuurder Pelle Baas. En natuurlik het my Afrikaanse redakteur, Etienne Bloemhof, en sy kollega Hester Carstens gehelp om die geheim te hou en die manuskrip onder hande te neem.

Deon Meyer

Stellenbosch, Augustus 2017

OceanofPDF.com

1

12 Oktober

Hy is honger en dors en vreesbevange, tot die dood toe moeg, dit is net adrenalien wat hom een voet voor die ander laat neersit. Deur die nag se donker hou hy aan met loop, en dan verkleur die horison en die wêreld kry vorm en hy kry weer hoop. Net voor agt, net voor die son van Rotterdam se kant af oor die horison breek, maak die Schiedam-mark in die sagte, goue oggendlig voor hom oop, die menigtes, die drukgang, die warboel, en sy hart fladder in hoop: Hier kan hy dalk ontsnap. Wegraak.

Hy kyk nie om nie. Hy weet hulle is agter hom. Hy hou net aan met stap, in dieselfde rigting, laat die roesemoes hom insluk. Handelaars se stemme wat roepend bemark, mense wat praat en lag en stry en skree, 'n baba huil troosteloos. Hoenderhenne kekkel verontwaardig, perde runnik, die diep bulk van 'n koei iewers. Die reuke van vis en skulpvis, krappe en krewels en kreef, en gebrande eendvere en dieremis en nat grond en varkvleis oor 'n spit en wors wat gerook word en – 'n oomblik lank, wanneer sy bene swik van die smagting – die diep geur van vars, ronde brood wanneer die seun met die groot mandjie hier reg langs hom verbystap.

Hy sien die donkerblou jas oor die wa se agterkant hang en weet instinktief niemand gee daaraan aandag nie. Hy neem dit vinnig en met ekonomie van beweging, 'n vaardige dief. En ervare. Hy vou die jas dubbel, hou dit voor sy lyf. Hy sak op sy knieë agter die houtkrate langs 'n kaasstalletjie, pluk sy hoed af en sit dit op die grond langs hom neer. Hy trek die stink, verslete bruin baadjie uit, los dit ook daar.

Die son breek oor die oosterkim. Hy trek die gesteelde jas aan en staan op. Sy bene swik weer 'n oomblik, dan strompel hy vorentoe, loop gebukkend, kom eers later regop.

Hy swenk in 'n nuwe rigting, Delft se kant toe.

Steeds kyk hy nie om nie, want hy is te bang hy sien hulle. Die vier wat hom jag, en jaag.

OceanofPDF.com

2

Die een wat haar lyk op die klipmuurtjie gedrapeer het, sou ironies genoeg Moordenaarskop kon sien – een van die Hottentots-Hollandberge se ruwe, hoë pieke wat oor Somerset-Wes toring.

Sy is uitgestrek by die groot uitkykpunt heel bo in Sir Lowryspas, haar kop na die noorde, haar voete na die suide. Sy is heeltemal kaal, haar lyf wasbleek. Die volmaan se lig gee aan haar vel 'n onnatuurlike skynsel, soos dié van 'n heilige.

Haar oë is toe. Haar regterhand rus gemaklik op haar maag en haar bene kruis by die enkels. Die flonkerende stadsliggies daar ver onder – Gordonsbaai, die Strand, Somerset-Wes en selfs Khayelitsha – is 'n betowerende agtergrond. Met 'n eerste, haastige oogopslag is sy rustend, of dalk poseer sy vir 'n foto, of skildery? Maar sou jy hier in die nanag skerper kyk, is die toneel gou ontstemmend: Die kaal vrou in Mei se nagkoue; haar linkerarm hang teen 'n eienaardige hoek langs die muurtjie af, die kneukels raak net-net teen die soom van groen gras. Daar is vreemde vlekke en happe in haar kort, ligte hare, en by haar pubis. Die onophoudelike geruis van verkeer op die besige N2, die geel gloed van voertuie se ligte wat van die krans hier naby haar in weerkaatsing kom en gaan. Dit kan nie wees dat sy hier só vertoef of rus nie. Daar moet iets baie groot skort.

* * *

Net vyftien kilometer oos draf die luiperdwyfie met die paadjie langs, sy het nie die volmaan se lig nodig nie. Sy wil noord, terug na haar bekende jaggebied, die hoë kranse en skeure van die ruwe berge, haar afgebakende terrein, haar veiligheid.

Sy was twee dae lank hier, te naby aan mense en voertuie en geluide en reuke wat haar senuagtig en slapeloos hou, op soek na water en prooi ná die lang, snikhete somer se droogte.

Hierdie is die paadjie waarmee sy gekom het, twee spore kronkelend teen die helling af, en sy wil daarmee terug, dan oor die teerpad, verby die groot dam – sy kan al weer die water ruik – en daarna die berge in.

'n Suising laat haar vassteek. Eers is dit vaag, maar dit word al luider totdat sy dit herken, die klank van voertuie. Sy sien die gloed van die ligte, sien en hoor hoe twee van hulle hier reg onder, voor haar, tot stilstand kom. Stemme. Die gekreun van 'n hek.

Sy draai om en smelt in die skaduwees van die fynbos weg.

Sy sal nie vannag kan teruggaan huis toe nie.

* * *

Om 05:35, twee uur voor sonop, draai 'n minibustaxi, op pad van Mthatha na Kaapstad, by die uitkykpunt in sodat die bestuurder kan urineer. Hy hou stil en klim haastig uit. Hy sien nie die lyk op die muurtjie nie.

Die passasiers is dertien vroue – naaisters en skottelgoedwassers, huishulpe en skoonmakers – almal Xhosas. Een van hulle, in die tweede ry sitplekke, sien die onnatuurlike figuur op die muurtjie. Sy roep na Bo. Die ander word wakker, kyk na waar sy wys. Hulle maak die vensters oop en skree vir die bestuurder. Hy sien. Hy skrik, pis op sy skoene en swets. Hy trek sy gulp haastig op, maak die minibus se deur oop en klim in. Hy skakel die enjin aan.

Nee, sê een van die vroue, bel die polisie.

Die bestuurder is onwillig. Hy dink daaraan dat dit hulle ure lank gaan vertraag. Sy werkgewer sal ongelukkig wees. En hierdie klaarblyklik leweloze wit vrou het niks met hom te doene nie.

Hy skud sy kop en sit die bussie in rat. Die koor van agter is luid, verontwaardig en eenparig: Ons ry nie voor jy nie die polisie gebel het nie.

Hy sug, skakel die enjin af, neem sy selfoon en bel die polisie se noodnommer. Dit lui baie lank. Hy klim solank weer uit, loop versigtig nader aan die lyk. Hy staar tot hy homself vergewis het dat sy dood is. Die polisievrout wat antwoord vra hom om stadiger te praat, en in Engels. Hy rapporteer wat hy sien, beantwoord ellelange vrae oor die ligging.

Eindelik kan hy aflui. Hy haas hom terug na die bussie, en wil weer ry. Maar die dertien Xhosa-vroue skel op hom. “Ons kan haar nie nou só hier alleen laat nie.”

* * *

Die uitkykpunt in Sir Lowryspas is byna ewe ver van Grabouw as van Gordonsbaai, daarom is daar aanvanklik verwarring oor jurisdiksie.

Die eerste polisievoertuig tref 'n sonderlinge toneel aan, uniek tot hierdie suiderpunt van Afrika: Dertien vroue wat in die laaste donker voor dagbreek in 'n halfmaan om die lyk staan en sag kerkliedere sing, 'n taxibestuurder wat eenkant sit en toekyk.

Nog patrollievoertuie met nuuskierige sersante en konstabels van die SAPD-kantore op Grabouw en Gordonsbaai daag op, én nog een van Somerset-Wes af. Teen sonop is daar 'n algemene vertrapping van die misdaadtoneel en 'n verkeersopeenhoping op die N2, want wanneer daar 'n oordaad van polisievoertuie langs die pad staan, is motoriste soos skape.

Dit veroorsaak dat Somerset-Wes se speurders eers ná agt opdaag, en nog 'n uur later die patoloog, video-eenheid en forensiese span.

Net voor tienuur kondig die patoloog aan dat die oorsaak van dood na alle waarskynlikheid trauma deur 'n stomp voorwerp agter teen haar skedel was. Maar sy is elders vermoor. En dit lyk of die liggaam met 'n oordaad van bleikmiddel gewas is. Gewone huishoudelike bleikmiddel. Hy kan dit duidelik ruik, en die wit vlekke in die kop- en pubishare bevestig dit.

Daar is geen teken van haar klere of besittings nie.

Die ambulans vervoer haar, ongeïdentifiseerd en naamloos, na die staatslykshuis in Soutrivier.

Op Dinsdag 16 Mei.

3

Op Woensdagoggend 17 Mei, net ná die Eenheid vir Ernstige en Geweldsmisdade van die Valke – amptelik bekend as die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoeke (DPMO) – se oggendparade, loop kaptein Bennie Griessel in die lang gang van die tweede verdieping af, op pad na sy kollega Vaughn Cupido se kantoor.

Hy het nuus om oor te dra. En 'n guns om te vra. Maar dit gaan 'n proses wees, want hy kén vir Vaughn. Hulle werk al amper 'n dekade lank saam, elke dag.

Hy klop aan die oop deur se kosyn, stap in. Cupido hou hom dop en sê: “Jy gaan nog deur jou eie gat val.” Want Griessel het agt kilogram verloor sedert hy (weer) ophou drink en ernstig begin fietsry het.

Griessel reageer nie, trek net 'n stoel uit en gaan sit.

“Almal word maer, dis net ek wat dik word,” sê Cupido. Dit is nie die volle waarheid nie. Net Griessel en majoor Mbali Kaleni, hoof van die eenheid, het gewig afgeskud. Maar Cupido voel skuldig, want Desiree Coetzee, die nuwe vrou in sy lewe, maak lekker kos. En hy eet dikwels daar, deels om sy belange te beskerm, deels omdat hy regtig van haar kookkuns hou.

Griessel laat die bom bars: “Ek gaan vir Alexa vra om te trou.”

“Jissis.”

Griessel het dié reaksie verwag en steur hom nie daaraan nie. “Ek moet 'n ring gaan soek, Vaughn. Ek het raad nodig ...”

“Let me get this straight,” sê Cupido. “Jy’t al klaar jou vingers verbrand met 'n first marriage.”

Griessel knik.

“En jy’s 'n alcoholic.”

“Honderd-sewe-en-veertig dae skoon.”

“En Alexa is ook 'n alkie.”

“Sewehonderd-drie-en-sestig dae skoon.”

“She’s a rich woman en jy’s ’n police captain wat financially speaking basically in jou moer in is met die film school fees vir jou laaitie.”

Weer knik Griessel.

“Sy’s hierdie famous former singing star, en jy’s ’n nobody wat oor die weekends bass guitar speel in ’n geriatric covers band.”

“Nie geriatric nie. Middle-aged ...”

“And yet, you’re going to ask for her hand in marriage, and you’re telling me it’s because you love each other.”

“Ja.”

“Jy’t dié ding mooi deurgedink?”

“Ek het.”

Cupido kyk na hom. ’n Rilling deur sy lyf en hy skud liggies sy kop. Hy staan op: “Cool. Let’s go. Waar koop ons die ring? Sterns? American Swiss?”

“Mohammed Faizal.”

“Oh, I see. You want to start this marriage proposal off the proper way, by buying stolen goods.” En dan vra hy terwyl hulle uitstap: “Love Lips? Is hy nog hier rond?”

“Pawn shop in Goodwood.”

“Was hy nie eers in Maitland gewees nie?”

* * *

Cupido is stil terwyl hulle al met Voortrekkerweg langs deur Bellville ry. En dan Parow, waar Griessel grootgeword het. Bennie kyk na die oneindige ry tweedehandse motorhandelaars wat soos indringerplante met mekaar meeding, en hy dink in twintig jaar se tyd het niks verander nie. En tog, Parow lyk beter as ’n dekade gelede; skoner, netjieser, ekonomies meer aktief en lewendig.

Snaaks hoedat ’n mens dink ’n plek sal tot niet gaan wanneer jy nie meer daar is om ’n ogie te hou nie.

“What’s it like, Benna?” vra Cupido meteens.

“Wat?”

“Married life.” Met daardie filosofiese stemtoon wat sê hy is nou ernstig, Griessel moenie grappies maak nie.

“Dis nie asof ek ’n ekspertgetuie is nie, Vaughn. Ek was nog net een keer getroud, en ek was net die eerste sewe jaar daarvan nugter ...”

“Ma’ hoe was dit? Daai nugter jare?”

Griessel dink na voordat hy antwoord: “Dit was lekker. Dit was ... Hel, Vaughn, ek is getroud toe ek vier-en-twintig was – op daai ouderdom is alles lekker en jy sien niks van die onheil nie ...”

“Scares the shit out of me,” sê Cupido. “Elke keer as Desiree iets sê wat construed kan word as ’n reference to a long-term relationship of trou, dan trek my maag op ’n knop. Jissis, Benna, ek is nou al so lank ’n bachelor, hoe sal ek maak? En daai laaitie van haar ... Hoe is ’n mens ’n pa vir ’n anner man se kind? Want hy soek dit, ek kan sien hy soek ’n pa, of at least a fatherly figure ...”

Daar is ’n ruk lank stilte, tot Cupido sê: “Ek weet dis nie my besigheid nie, but why *now*? If it ain’t broken, vir wat wil jy nou julle relationship try fix met marriage?”

“Want dit sal vir Alexa gelukkig maak.”

“En vir jou?”

“As sy gelukkig is, is ek gelukkig.”

“So that’s love?”

Griessel trek net sy skouers op.

* * *

Mohammed “Love Lips” Faizal se nuwe pandjieswinkel is op die hoek van Alice en Voortrekker in Goodwood. Die naam *Cashcade* staan in groot swart letters teen ’n heldergeel agtergrond.

Hulle parkeer oorkant die straat en klim uit.

“Too clever for his own good,” merk Cupido op terwyl hulle oor Voortrekkerweg draf. “Jou pawn shop regular gaan nie ’n clue hê lat jy met wordplay besig is nie.”

Op die sypaadje is tweedehandse stoele uitgestal, net binne die deur ’n bondel fietse. Die winkel self is in skemer gehul, want meubels is bo-op mekaar gepak tot teenaan die dak, elke beskikbare ruimte volgeprop met huisraad, huisware, toebehore, gereedskap.

Faizal en ’n handlanger is diep binne die winkel besig om ’n tafel van onder ’n stapel uit te probeer kry. Faizal herken vir Griessel en sê: “Hoesit, Bennie.” Sy dik lippe glimlag. “Ek’s nou daar,” beduie hy na die toonbank by die westelike muur.

“Okay,” sê Griessel. Hy en Cupido loop na die toonbank toe.

Cupido talm by 'n rangskikking van ou 8 mm-filmprojektors en -kameras. “Unbelievable hoe dinge verander,” sê hy. “My dadde het een van dié gehad. Jou average cell phone vat nou beter video. From state of the art to antique in half a lifetime ...”

En dan kyk hulle al twee wanneer die voordeur verdonker. 'n Jong man staan daar met 'n groot, plat, vierkantige voorwerp in sy arms. Hy steek vas, kyk verbaas na die twee speurders. Sy oë soek na Faizal, dartel terug na die speurders. Daar is 'n senuagtigheid aan hom, en dan kom die besef – dis polisiemanne wat hier staan.

Griessel en Cupido ken dié benoude reaksie al sedert hulle konstabels op patrollie was – die liggaamstaal van in flagrante delicto. Dit is 'n oer-oomblik waarin niemand beweeg nie, jagter en prooi teenoor mekaar, metend, voor die jaagtog begin.

Cupido reageer eerste. “Hei!” sê hy en begin na die man toe loop.

Die man los die groot, plat, vierkantige voorwerp sodat dit skeef staan teen die deur. Hy spring om en hardloop.

“Hei!” skree Cupido harder en sit hom agterna.

Cupido in sy steenkoolswart pak (“... with just a hint of a white pinstripe, retro-classic, pappie; helse bargain, ek het hierdie buddy wat by Rex Trueform werk ...”), in sy post-rebelliefase, want sy klere het 'n paar maande gelede baie helder en baie informeel geprotesteer teen majoor Mbali Kaleni se aantrekkode, maar nou is hy weer sy ou pierewaaier-self.

Griessel hardloop tot in die deur, sien hoe die jong man met groot spoed en teen die verkeer in met Voortrekkerweg af hardloop, stad se kant toe. Hoe Vaughn Cupido met sy paar ekstra kilogramme en sy kispak en sy skerppuntskoene moedig probeer, maar die verdagte is jonk en vinnig. Bennie weet hy's 'n nóg stadiger naellooper as sy kollega.

Hy sien hoe Cupido op die middelmannetjie moet spring om nie deur 'n motor getref te word nie. Griessel dink nie, hy gryp 'n Silverback-bergfiets uit die bondel by die deur, spring daarop, begin trap.

Oor die Alicestraat-kruising. 'n Volkswagen Golf met vet buitebande se toeter klink skerp op. Griessel ry tot in die linkerbaan. Hy werk die fiets se ratte – dit loop seepglad – en die pante van sy baadjie (bruin, tien jaar oud, lankal uit die mode) wapper in die wind. Hy haal eers vir Cupido, wat baie hard blaas, in. By die Goulburn-kruising steek hy sy kollega verby en Griessel skree: “Ek sal hom kry!” Hy trap nog harder, bewus van hoe lekker dié fiets ry, bewus van sy fiksheid – dank Vader hierdie ding het nie ses

maande gelede gebeur nie. Hy sien hoe die voortvlugtige daar onder by Fitzroystraat links af verdwyn. Hy sien Leeukop in die verte, perfek geraam deur die geboue aan weerskante van Voortrekker. Hy't agttien jaar lank in Parow grootgeword en hy kan nie onthou dat hy Leeukop ooit so mooi van dié kant af gesien het nie. Eienaardige gedagtes flits deur sy kop. Hy het as skoolseun laas in Voortrekkerweg met 'n fiets gejaag. Hy sien die afstand tussen toe en nou en dit laat hom 'n oomblik lank skrik, want hoe vinnig het dit alles nie gebeur nie. En hy dink: Die groot, plat, vierkantige voorwerp wat hierdie jong man by die pandjieswinkel aangebring het, minstens is dít daar, hulle sal kan sien wat hy gesteel het.

En: Dit lyk of 'n verdagte gesteelde goedere by Mohammed Faizal aangebring het. Dit gaan 'n ongemaklike gesprek tot gevolg hê ...

En: Hy sweer, vyf-en-twintig jaar gelede sou hy hierdie kêreltjie ingehardloop het, hy was rats in die ou dae.

En: Jissis, maar hierdie fiets ry lekker, baie beter as sy ou swart-en-wit Giant wat ook al vyf jaar oud is.

En: Fok, dit beteken hy's al ses jaar gelede geskei, waarheen gaan die tyd?

Hy verwissel nog 'n rat. Hy ry soos die wind, rem skerp vir die Fitzroy-afdraai en dan besef hy die verdagte hardloop stasie se kant toe. Hy maak die draai by die hoek waar Pop Up Tyres sit, sien hy haal die jong man nou vinnig in. Maar is hy betyds? Want die Goodwood-treinstasie is net hier voor ...

Hy trap. In een van die klein voortuintjies staan 'n ouma en water natlei. Sy kyk na Griessel wat verbysnel en skree: "Aitsa!"

Die voortvlugtige is in Stasiestraat, hy draai weer links, stasie se kant toe, nou slegs veertig meter voor.

Griessel maak die draai. Sy oë begin traan van die wind, maar hy sien die grys stasiegebou, nuut geverf en netjies, met sy rooi dak, voetgangers wat na die hardlopende jong man kyk, dan na hom. Die verdagte laat spaander na die stasie se ingang en Griessel maak die gaping byna toe. Hy moet die remme styf trek, en die agterwiel sluit en maak 'n hoë kermgeluid. Hy smyt die fiets neer en volg die man teen die trappe op tot op die perron. Hy sien hoe die voortvlugtige voor die wagtende metrotrein se neus verbyhardloop, net voordat die trein wegtrek en Griessel dwing om te wag, uitasem, tussen passasiers wat uitgeklim het.

Eindelik sien hy hoe die verdagte daar anderkant oor die hoë heining spring, iets waarvoor Bennie se lyf hopeloos te oud is. Dan draf die jong man agter die GrandWest Casino se geboue verby, voor hy 'n oomblik lank gaan stilstaan, terugkyk en – Griessel is seker hiervan – hoflik en simpatiek vir hom wuif.

OceanofPDF.com

4

Griessel stoot die fiets by die winkel in. Hy verwag Cupido sal dadelik vra wat gebeur het, maar sy kollega en Love Lips is nie eens bewus van sy terugkeer nie. Hulle is in 'n hewige argument gewikkel.

“Sê my hoe?” kom dit van Faizal met die vlesige lippe, desperaatheid in sy stem. Hy is lank en pynlik skraal, sy abnormaal groot hande nou aan die beduie.

“Ma’ vir wat kom hulle hie’ aan?” vra Cupido beskuldigend.

“Ma’ sê my hoe hou ek hulle weg? Weet jy wat staan da’ op die muur?”

“People of Cape Town, bring me your stolen goods ...”

“Very funny. Wat staan da’ op die muur?”

“I don’t care ...”

“Da staan ‘Cashcade’. Daai beteken ’n cascade of cash. Daai’s why hulle die goed hie’ aanbring. Virrie geld ...”

“Jy dink ek weet nie wat ‘Cashcade’ beteken nie? Which is, by the way, heeltemal te clever vir jou average pawn shop client ...”

Love Lips sien eindelijk vir Griessel en sy hele maer lyf is ’n pleidooi: “Bennie! Sê vir dié man my boeke is skoon. Sê vir dié man dis hoekom jy, a captain in the Hawks for God’s sake, een van my most loyal clients is. Sê vir hom ...”

“Wat wil jy hê vir dié Silverback?” vra Griessel en beduie na die bergfiets.

Faizal kyk na Cupido. “You see? You see? Captain in the Hawks, en hy gee my nie gas oor stolen goods nie, hy vra wat wil ek hê vir die bike. Bennie, daai is jou Silverback Sesta, daai is top of the range, disc brakes, shocks front and back, vir jou, as my loyal customer, twaalfduisend.”

“Bliksem,” sê Griessel.

“Negotiable,” se Love Lips. “Always negotiable.”

“Wa’s daai fiets se papiere?” wil Cupido weet.

“In my office ...”

“Mohammed is skoon, Vaughn,” sê Griessel.

Cupido maak 'n snorkgeluid agterin sy keel, skepties. “Wat’s in daai parcel wat die fugitive hier gelos het?”

* * *

Faizal trek die bruinpapier af van die vierkantige, plat voorwerp wat die verdagte jong man net binne die deur gelaat het.

Dit is 'n skildery, min of meer honderd-en-vyftig by honderd-en-vyftig sentimeter.

“Holy moly,” sê Faizal.

“It’s not that bad,” sê Cupido.

“Nee, dis nie die quality nie, dis die subject matter,” sê Love Lips en frommel die groot stukke bruinpapier op, gooi dit eenkant. Griessel tel die skildery op en draai dit sodat die regte kant bo is. Dan staan hulle terug en kyk. Dit is 'n naakstudie in helder akriel, 'n vrou wat op haar maag op die bed lê, haar opgeligte voete – met hoëhakskoene aan – naaste aan die kyker, haar kop met die golwende swart hare die verste, die gesig effe versluier en weggedraai. Selfs vir hul onkundige oë is die gehalte effe verdag, amateuragtig: Die skaal en perspektief is vaagweg gebrekkig, maar nie só dat jy dadelik die fout kan uitwys nie.

“Daai’s vir jou unacceptable?” vra Cupido. “Daai? Bum of a white woman?”

“Nee, da’s niks verkeerd met daai boude nie,” sê Faizal met groot geduld. “Dis die blou.”

Die deken waarop die vrou lê, is diepblou. Die materiaal is oor die bed en voetenent gedrapeer; dit maak sierlike voue om haar borste respektabel te hou en oorheers die skildery se kleure.

“Wat is verkeerd met die blou?” vra Griessel.

Faizal sug. “Kom kyk hier,” sê hy en stap dieper die winkel in. Hy roep luid na agter: “Harry, gooi vir ons die ligte aan!”

Faizal gaan staan tussen 'n stapel ou staatsdienslessenaars en 'n hoop skuimrubbermatrasse, waar twintig of meer skilderye regop op hul sye staan, almal min of meer vierkantig, die meeste daarvan groot, slegs enkele kleiner.

Die neonligte teen die dak flikker en kom aan.

“Vir wat hou jy die plek so donker?” wil Cupido weet.

“Second hand goods under a spotlight? Jy’s duidelik nie ’n retail expert nie, my broe’,” sê Faizal, die broederskap in sy stem maar dun.

Hy wag dat Cupido reageer, maar kry niks. Hy draai terug na die skilderye. “Kyk hie’, die eerste tien of so.” Love Lips kantel die skilderye stadig, een vir een, soos die blaaie van ’n boek. Elkeen het ’n vrou daarop; ouer vroue, jongeres, swart, wit, skraal en mollig, geklee, ongeklee, daar is net twee elemente wat hulle almal gemeen het – ’n vrou, en die kleur blou wat feitlik altyd oorheers. Daar is ’n Xhosavrou met ’n bondel vuurmaakhout op haar kop; haar rok en bypassende kopdoek is ’n diep vlootblou. ’n Gryskopvrou wat poseer op ’n stoel wat byna lyk soos ’n troon; die bekleedsel is kobaltblou. ’n Bruin vrou breek granate by ’n kombuistafel oop; die tafeldoek is ’n blou wat grens aan turkoois. ’n Wit tienermeisie leun haar kop teen ’n perd se nek; haar rybaadjie is vlootblou.

“Nou, die laaste paar maande ...” sê Faizal. “Hulle kom hie’ in en hulle tune my: ‘Lips, hie’s die vrou innie blou.’ ”

“Die vrou innie blou?” vra Cupido.

“Net só. Die vrou innie blou. En ek vra elke keer: ‘Wat meen jy, die vrou innie blou?’ En dan tune hulle my: ‘Nee, die grapevine sê da’s groot geld innie vrou innie blou.’ En ek sê elke keer: ‘I don’t know what you’re talking about.’ Dan tune hulle: ‘Nee, daai issie rumour, someone is looking for a classic, original painting, not a print, but an original painting, die vrou innie blou.’ As if that’s the freakin’ title, versta’ jy?”

“Die vrou innie blou,” proe Cupido weer aan die woorde terwyl hy nou self deur die skilderye blaai.

“Net só,” sê Love Lips Faizal.

“En dan, wat maak jy?”

“Ek pawn ma’ elkeen soos hulle inkom. Everything by the book, though. ID, proof of address, the works. All in the files.”

“Vir hoeveel pawn jy dié prentjies?”

“Fifty bucks, mostly.”

“Jeez.”

Faizal trek sy skouers op. “Dis wat die goed werd is ...”

“Mohammed, die verloofringe ...” sê Bennie Griessel, want hy het vir Faizal al oor die telefoon gesê waarna hy soek.

Faizal is dankbaar dat die onderwerp verander word. “Ja, Bennie, congrats, by the way. Alexa is a fine woman.”

“Hoe ken jy vir Alexa?” vra Vaughn Cupido.

“I read the magazines, my broe’.” Want Alexa Barnard was ’n beroemde sangeres in die jare tagtig, voor haar oorlede man en drank haar loopbaan verwoes het. Maar sy was die afgelope paar jaar soms in die nuus oor haar versigtige terugkeer tot die verhoog, en die platemaatskappy wat sy nou suksesvol bedryf. “En Bennie het my vertel, toe hy laas sy furniture kom verkoop het, when they moved in together. We come a long way, this captain and I.”

Cupido knik net.

Faizal wys met sy duim na agter. “Die ringe is da’ in die office safe. Kom saam.” En terwyl hulle stap: “Jy weet wat hulle sê, Bennie, the three rings of a relationship?”

“Nee.”

“The first ring is the engagement ring. Then comes the second ring, that’s the wedding ring. And eventually, there’s the third ring. That’s the suffering ...” En Love Lips lag.

“Inappropriate, brother,” sê Vaughn Cupido afkeurend. “Jy sê nie daai vir ’n man wat op troue staan nie.”

* * *

“Dan hoop ek nou ma’ dis appropriate om te praat van die four c’s,” sê Faizal met ’n titsel sarkasme en ’n sydelingse blik na Cupido. Hulle sit om die lessenaar in sy kantoor, ’n vertrek wat in teenstelling met die chaos van die winkel verbasend netjies is; goedkoop staalrakke teen die mure bevat honderde lêers, Love Lips se trotse rekordhouding van elke transaksie.

Op die lessenaar lê vier juwelierskinkborde met fluweel uitgevoer, die diamantringe blink in netjiese rye uitgestal.

Cupido reageer nie op die sarkasme nie.

“Bennie,” sê Faizal, “when it comes to choosing a diamond ring, you need to take into consideration ...” Hy lig sy twee tamaai hande en tel op sy vingers af: “Cut, carats, colour and clarity. Hoe beter jou four c’s, hoe beter is die diamond. En hoe meer kos hy. Jy kry jou moerse baie carats, soos dié een, very impressive, ma’ die colour en die clarity is baie iffy, so dis hoekom hy in die below seven thousand tray is. Hierdie tray hier, dis seven to fifteen, dié een is sixteen to twenty-five, en dié een is twenty-five thousand and above. And to be honest, vir ’n vrou soos Alexa Barnard wil ons nie rêrig na iets kyk onder die twenty-five nie.”

“Ai,” sê Bennie Griessel.

* * *

“Twee-en-twintigduisend rand,” sê Griessel terwyl hulle terugry na die Valke se hoofkwartier in A.J. Weststraat, Bellville.

“I feel you, Benna,” sê Cupido. “Ma’ ek dink nog steeds Alexa sal happy wees met ’n kleiner ring. Of ’n flawed stone. She’s a class act.”

“Dis nie die probleem nie, Vaughn. Alexa sal sê ons het nie eens ’n ring nodig nie. Maar kom ek sê jou wanneer die ring tel. Daardie oomblik wat die vriendinne dit sien. Wanneer hulle so aangestoom kom en sê: ‘Oe, oe, Alexa, ons hoor jy’s verloof, wys, wys.’ Jy wou netnou weet wat liefde is. Dís liefde. Om die vrou in jou lewe nie te laat skaam kry wanneer sy op daardie oomblik die ring moet wys nie.”

“I see,” sê Cupido nadenkend. En na ’n rukkie: “So, basically is jy in jou moer.”

“Dis reg. Ek het g’n idee waar ek twee-en-twintigduisend rand gaan kry nie.”

5

Dit is baie soos die hond wat die bus gevang het, sal sersant Tando Duba, die speurder van die SAPD op Somerset-Wes, later vir sy kollegas vertel: Jy soek 'n lekker groot, vet moordsaak, want dit beteken aandag van bo, en aandag van bo plus 'n goeie ondersoek plus 'n skuldigbevinding beteken bevordering. En bevordering beteken 'n beter salaris, en die Vader weet, lede van die SAPD kan altyd doen met 'n beter salaris. So, dis die bus wat deur alle speurders gejaag word: 'n lekker groot, vet moordsaak.

Totdat jy die een is wat die saak vang van die vermoorde vrou daar bo in die pas, op die muurtjie. Die een wat die koerante dadelik in groot letters op die voorblad gedoop het; die “Gebleikte Lyk” in Afrikaans, want dit rym, en die “Bleached Body” in Engels, want dit allitereer.

Ongetwyfeld 'n lekker groot, vet moordsaak. Want jy sien jou naam op die Woensdagoggend in die dagblaaie, en dis lekker, want dis 'n eerste vir jou, dié groter, wyer publisiteit. En jou stasiebevelvoerder gee jou al die hulp wat jy nodig het, want die mediakollig is nou op die hele SAPD-kantoor in Somerset-Wes. En die speurhoof van die Wes-Kaap – 'n generaal! – bel jou persoonlik om jou sterkte toe te wens en ondersteuning te beloof. En jy besef hierdie bus is 'n groot bus, 'n vet bus, 'n droombus. Dis 'n bus wat jou ver kan vat.

En dan deur Woensdag en Woensdagnag maak jy net mooi geen vordering nie. Niks.

Ná die stortvloed van ademlose publisiteit het jy gewag dat die telefoon moet lui sodat iemand die Gebleikte Lyk 'n naam en 'n adres en 'n geskiedenis kan gee, sodat jy motief kan bepaal en verdagtes kan identifiseer. Maar niks. Jy het die beskrywing van elke vermiste persoon van die Kaap tot in Knysna aangevra, jy het bulletins uitgestuur, jy en jou kollegas het gebel en gespeur, en jy kry niks. “Akukho nto eyichazayo,” soos sersant Tando Duba in sy Xhosa-moedertaal vir sy vrou oor die telefoon sê. Niks.

En elke vyf minute kom vra die skakeloffisier of daar nuus is, want die media wil weet. Elke vyf minute, tot dit vir jou voel of die media 'n woedende, honger dier is wat net wil vreet en vreet, en jy het niks meer om dit te voer nie, en jy weet as jy niks kry nie, is jý volgende op daardie spyskaart.

Dan begin jy voel soos die hond wat die bus gevang het. Ongemaklik. Want dié groot, vet bus loop skynbaar nie net na bestemming Bevordering nie. Daar is ander plekke waar hy ook kan stop.

Op die Donderdagoggend vra jy die mediaskakeloffisier om jou uit te los. Dan roep jou stasiebevelvoerder jou in en hy sê op sy gewone rustige, wyse manier vir jou: “Tando, jy kan die media sien as jou vyand, of jy kan die media sien as jou vriend. My raad is, gaan vra die lykshuis in Soutrivier om die gesig van die Gebleikte Lyk so 'n bietjie op te dollie, en dan laat jy foto's neem, en dan plaas jy daardie foto's in die eerste koerante en op die eerste nuuswebwerwe wat jou nou so lastig val. Dan laat jy die media vir jou werk.”

Dan voel dit vir jou die bus is weer op koers.

* * *

“'n Verloofring?” vra die vrou by die bank.

“Ja,” sê Griessel.

Tussen hulle lê sy leningsaansoek.

“Vir uself?” vra sy vriendelik maar met die vae intonasie dat dit seker nie kan wees nie. En hy kan haar nie kwalik neem nie, want hier sit hy, sewe-en-veertig jaar oud, die spore van alkoholisme en dekades se polisiewerk op sy gesig, sy hare te lank, te deurmekaar en al hoe meer grys, sy oë, sy eienaardige oë wat al as “Slawies” beskryf is – hy het geen idee wat dit beteken nie – wat wys hy het al baie beleef, baie gesien, en die meeste daarvan was nie goed nie.

“Ja, dis vir my,” sê hy met groot geduld. Want wat anders kan jy doen by die bank?

“U het reeds die studielening ...” Asof hy dit nie weet nie. Sy seun, Fritz, wat 'n eerstejaar is by AFDA, die filmskool. Dit maak hom bankrot, die studiegelde grens aan misdadig.

“Dis reg,” sê hy terwyl sy moed sak.

“’n Verloofring ... Dis nie goeie sekuriteit vir ’n lening nie ...” En sy laat die sin in die lug hang, sodat hy sy eie, mismoedige afleidings kan maak.

“Ek kan dink.”

“En die instansie waar u dit wil koop ... Dit is nie een van ons goedgekeurde handelaars nie ...”

Instansie. Hy wonder wat Mohammed “Love Lips” Faizal sal sê as hy hoor sy pandjieswinkel word as ’n “instansie” beskryf. Sal seker net daardie groot hande in die lug gooi en lag.

“Julle moet maar besluit,” sê hy. “Maar dis waar ek gaan koop.” Want hy het sy huiswerk gedoen. By die tradisionele juweliers gaan hy veel meer betaal vir ’n ring van dieselfde gehalte.

Hy staan op. Hulle soek by hom groter solvensie, of iets wat kan dien as sekuriteit. Hulle soek by hom iets wat hy nie het nie.

Dit is asof sy nog iets wil vra, maar dan knik sy net en sê: “Ek laat weet so spoedig moontlik.”

Op pad na sy kar toe wonder hy waarom hulle altyd die redes so breedvoerig aanstip waarom jy nié ’n lening kan kry nie. Hoekom nie fokus op al die redes hoekom hy met ’n lening vertrou kán word nie?

Hy en Alexa praat oor alles. Veral sedert die kopdokter vir hom gesê het sy drankprobleem is gewortel in die feit dat hy nie genoeg met sy geliefdes praat nie, veral oor die onheile van sy werk. Maar hierdie is een ding wat hy nie met haar kan bespreek nie. Want dan sal sy dadelik vir hom die geld wil gee. En boonop sal sy nie hierdie dilemma kan verstaan nie. Haar geldsake is anders; dit was nog altyd.

Die bank is al uitweg. Maar hoe werk dit? Hy is al amper dertig jaar lank by dieselfde bank, en hy het nog altyd alles terugbetaal wat hy hulle geskuld het. Partykeer ’n bietjie laat, baie keer met ’n helse gesukkel, maar hy het deur die jare elke sent betaal. Met rente. Huislening, karlenings, persoonlike lenings, Karla se studielening, oortrokke geriewe. Elke sent.

Maar nou moet hulle gaan dink. Want hy het niks wat hulle wil hê nie.

* * *

Donderdagmiddag teen vyfuur verskaf sersant Tando Duba die digitale foto’s van die Gebleikte Lyk se gesig aan die SAPD-skakeloffisier. Hulle besluit om net een aan die media te stuur – die een wat die minste aanstoot

sal gee, want dit is immers die afbeelding van 'n persoon wat al 'n paar dae gelede oorlede is.

Die skakeloffisier stuur dit dadelik per e-pos aan al die mediamense op sy lys.

Die *Son* is die eerste koerant wat dit op hul Twitter-stroom kry. Daarna volg al die ander nuuspublikasies en webwerwe. Teen sesuur is dit die hoofaanbieding op Netwerk24, News24 en IOL. (*The New Age* dra dit eers teen tienuur en kry die meeste van die feite verkeerd.)

Teen agtuur is die foto 'n makabere virale sensasie op Twitter, veral in die ouderdomsgroep veertien tot agttien.

Teen halfnege die aand gaan sersant Duba huis toe, want daar is nog geen reaksie nie. Niemand weet eens vaagweg wie die Gebleikte Lyk is nie.

Die bus se bestemming lyk al weer mistroostig.

* * *

Vinnie Adonis is een van twee mans wat as dagskof-concierge werk by die Cape Grace, spoghotel in die Kaapse Waterfront.

Dis hy wat die eerste domino laat val in die beheer van die Gebleikte Lyk-moordsaak. Hy is agt-en-vyftig jaar oud, maar hy stap steeds elke dag van die Kaapse stasie af werk toe. Net ná sewe op Vrydagoggend, 19 Mei, op die hoek van Riebeek en Adderley, sien hy die voorblad van *Die Burger* waar dit langs die koerantverkoper in 'n stapel op die sypaadjie lê. Hy sien die kleurfoto van die vreemde gesig, die vel bleekblou, die oë toe, met die opskrif daarbo: *Ken jy haar?*

Ja, sê Vinnie se kop, en dan dink hy, nee, jy ken haar nie, maar sy kop sê weer: Ja. Hy draai om, loop terug en gaan staan by die hople koerante. Hy kyk.

“Piracy viewing is a crime, uncle,” sê die koerantverkoper.

Vinnie lag en steek sy hand in sy sak. “Hoeveel?”

“Special price, elf rand vir jou vandag, uncle.”

Hy laat drie vyfrandstukke in die seun se bakhand val. “Keep the change,” sê hy en neem die koerant by hom. Vinnie Adonis staar na die foto terwyl hy aanstap.

Dis die Amerikaanse vrou, dink hy. Missus Lewis. Missus Alicia Lewis. Not an oil panting, ma' kwaai nice. Jy kry jou Yanks wat te hard traai om nice te wees met die natives, jy kry jou Yanks wat condescend, en dan kry

jou Yanks wat net normal is met almal. Sy was een van daai. Sy't 'n paar goed kom vra, Sondag. Hy dink sy't Sondag aangekom.

Hy dink die bleekblou vrou op *Die Burger* se voorblad is Missus Alicia Lewis.

Of is dit?

* * *

Vinnie Adonis wys die koerant vir sy dagskof concierge-kollega. “Lyk dit nie vir jou na missus Alicia Lewis in two-oh-two nie?”

“Nogal ...”

“Wanneer laas het jy haar gesien?”

“Now that you mention it ...”

Maar hulle is nie seker nie. Hulle neem die koerant na die assistentbestuurder, wat luister, nadink en hulle weer na die bestuurder begelei. Die bestuurder laat die hoof van hotelsekuriteit kom, hulle haal mevrou Alicia Lewis se paspoort-fotostaat uit die lêer, en al vyf personeellede vergelyk die bleekblou gesig van die Gebleikte Lyk op *Die Burger* se voorblad met die paspoortfoto. Twee van hulle sien min ooreenkoms, twee vermoed dit kan dalk dieselfde persoon wees.

Vinnie is seker.

Die hotel se sekuriteitsbestuurder sê hy gaan videomateriaal van die hotel se CCTV-kameras kry, want paspoortfoto's is misleidend. Die bestuurder sê hy gaan solank aan kamer twee-nul-twee se deur klop.

Eers teen nege-uur val die tweede domino, wanneer die dagbestuurder van die Cape Grace-hotel die nommer heel onderaan die berig in *Die Burger* skakel, en vir sersant Tando Duba sê hulle het rede om te vermoed die Gebleikte Lyk is mevrou Alicia Lewis, 'n Amerikaanse burger wat klaarblyklik in Londen woon, want die adres wat hulle in hul rekords het, is Carolstraat 10 in Camden Town, Londen.

“And why do you think that?” vra sersant Duba.

“Because we've checked the CCTV footage, which by the way is hi-def 720p HD, and the similarities between the photo in the newspaper and the woman on video are remarkable. Also, according to the video footage, the last time she left the hotel was on Monday morning at 09:13. Also, according to our cleaning team her room hasn't been disturbed since Monday.”

“Shit,” sê sersant Duba sag.

Die derde domino val toe die SAPD-stasiebevelvoerder in Somerset-Wes die speurhoof – die generaal! – in die Wes-Kaap bel om hom in te lig dat die Gebleikte Lyk bes moontlik ’n buitelandse toeris is; boonop ’n dubbeldoor Amerikaner-wat-in-Engeland-bly-buitelandse-toeris.

Die generaal is al lank in die linies. Hy het deur die range gekom en sy vermoë om die toekoms te sien is deur diepe ervaring geslyp; en wat hy hier sien, is moeilikheid. Hy sê vir die stasiebevelvoerder van Somerset-Wes hy is opreg jammer vir sersant Duba, maar vir almal se onthalwe, ook die jong speurder s’n, gaan dit beter wees om dié sak patats vir die Valke aan te gee.

Die stasiebevelvoerder gee ’n gedempte sug van verligting. Want dié bus is nou ’n internasionale een, en dan klim jy en jou mense liewer af. Want daar is net een bestemming vir ’n groot, vet bus met ’n buitelandse toeris as die moordslagoffer.

Dié bus gaan sirkus toe.

12 Oktober

Hy steel 'n stuk soutvis, en ook 'n string wors wat langs die kop en pootjies van 'n tamaai vark hang. Hy eet die wors rou, sommerso in die loop. Sy maag rammel en protesteer, maar hy weet hy het die brandstof, enige brandstof, dringend nodig.

Hy vermy die oë van markgangers, hou sy kop afgewend en loop uit die mark uit, noord, op die Delftweg.

Hy kyk eers om wanneer hy al vyftien minute gestap het.

Hy sien hulle nie.

Hy eet die soutvis langs die Oude Lee, sodat hy water kan drink. Hy talm nie, drink diep en lank, en dan val hy dadelik weer in die pad.

'n Uur ná die Schiedam-mark, al amper halfpad Delft toe, kyk hy weer om, want die verkeer is minder, die pad is reguit. Hy sien hulle. Die vier. Almal in swart geklee. Hulle is ver weg, nie veel meer as stippels nie. Maar hulle jaag hom lank genoeg dat hy hul vorm herken. Hul doelgerigtheid.

Hy maak 'n geluid van wanhoop. Die donker jas, die afhaal van sy hoed, dit het niks gehelp nie.

Hy kan nie meer veel verder nie. Hy dink daaraan om van die pad af te wyk, tussen bome iewers te gaan wegkruip, maar hy weet dit is te plat hier en hulle sien hom nou, hulle sien hom duidelik, hulle sal hom sien as hy oor die velde probeer hardloop.

Hulle gaan hom kry.

Hy loop vinniger.

Kapteins Bennie Griessel en Vaughn Cupido is die twee Valke wat die bus na die sirkus vang. Hulle staan langs sersant Tando Duba by die uitkykpunt hoog in die Hottentots-Hollandberge. Die noordwester treiter Griessel se hare en Cupido se jas. Die koue front swaai sy wolksekel soos 'n voorbode oor die Skiereiland.

“Why?” het Cupido aan majoor Mbali Kaleni, die hoof van die Eenheid vir Ernstige en Geweldsmisdade, gevra. “Why do we always get the case after some rookie has f- ...” Hy bedink homself, want die majoor duld geen vuil taal nie. “... messed it up?”

Majoor Mbali het geweet Cupido wil hê sy moet sê: Because you are such great detectives, you can handle anything.

Sy ken haar speurders. Cupido floreer op positiewe terugvoer en aanprysing. Dié behandeling maak weer vir Bennie Griessel ongemaklik. Want Bennie hou nie baie van homself nie. Hy soek net ruimte en stille vertroue, en dalk 'n private dankie wanneer alles verby is.

“We don’t know that it’s messed up, captain,” het sy gesê.

“It’s *always* messed up. These station detectives are undertrained, underbrained, overpromoted and overconfident. Generally useless.”

“Hhayi!” het die majoor in Zoeloe gesê, maar só dat enigiemand sal weet dit beteken “genoeg” en “basta” en “hou op” en “loop nou hier uit”.

Toe ry hulle Sir Lowryspas toe, want dit is waar die majoor gereël het dat hulle met die saak se oornam sal begin. En nou staan hulle hier in die tande van die wind en sersant Tando Duba wys op sy selfoon, sy groot Samsung Galaxy Note, vir hulle die foto’s van die Gebleikte Lyk wat op die muurtjie gedrapeer is.

Duba is 'n bietjie oorstelp, want dis Bennie Griessel en Vaughn Cupido hierdie. As jy 'n speurder in die Wes-Kaap is, dan wéét jy van die twee legendes, die soet en die suur.

“They say it will take weeks to go through all the forensic stuff they found here,” sê Duba en beduie na die omgewing hier by die uitkykpunt.

“I don’t think they’ll find anything,” sê Griessel.

Cupido knik. “If you’re smart enough to wash a body in bleach, you don’t come and leave evidence where you stash it.”

“Okay,” sê Duba, baie gretig om by die meesters te leer.

“You know what bleach does?” vra Cupido.

Duba weet. En hy het sy kennis verbreed deur met die forensiese span te praat. Hy wil die vraag beantwoord, maar Cupido gee hom nie kans nie: “Your household bleach destroys DNA evidence. Actually it spoils a lot of chemical evidence. And it masks blood ...”

“Not all bleaches,” sê Duba. “Chlorine bleach can make it difficult to see blood, but luminol will still pick it up ...”

“Look,” sê Cupido, “what you really need to ask about this place is: Why did he leave the body here? Why didn’t he bury her somewhere? Or just dump it in a more secluded place? That’s your first set of questions.”

“Okay.”

“Maybe you’d also want to ask: How did he get the body out of his vehicle and onto the wall without being seen there from the N2,” sê Cupido.

“Sometimes there are no cars, for a few minutes ...”

“Still, it’s risky,” sê Griessel.

“Have you ever carried a dead body?” vra Cupido.

“No.” Want dit is gewoonlik die ambulansmense wat dit doen.

“Heavier than you think,” sê Cupido. “So maybe there was more than one guy. And you also start thinking about the vehicle itself. Your ordinary sedan could be a problem. Too low to shield you from the traffic there. Car standing here, open boot, guy taking out something that looks like a body ...”

“I see ...” sê Duba.

“So you have to think about a big four-by-four. Maybe a panel van or a minibus,” sê Cupido. “So you get people to start checking all the N2 traffic camera shots of big SUVs or minibusses that night, with two or more people in them, on the road after dark ...”

“I didn’t have enough people ...” begin Duba walgooi.

“He’s not criticising your investigation,” sê Griessel, want hy weet hoe mense Cupido soms ervaar.

“I’m just putting stuff out there,” sê Cupido.

“We started to look at the traffic, but ... There were more than six thousand five hundred vehicles on this piece of road that night, between

sunset and sunrise,” sê Duba. “And the traffic cameras belong to the province, and to trace all those plates. It is going to take weeks. Months ...”

Cupido kyk met groter fokus na die jong Xhosa-speurder. Hy weet die verhouding tussen die DA-beheerde provinsie en die SAPD is gekompliseerd. Dis nie altyd maklik om geesdriftige samewerking te kry nie. “Good job,” sê hy.

Sersant Tando Duba is onseker oor die stemtoon. Bennie Griessel weet sy kollega word dikwels misverstaan. “He means it,” sê hy.

“Oh. Thank you.”

“You know those phones catch fire?” sê Cupido en wys na Duba se Samsung Galaxy Note.

“No, only the new ones, the seven. This is a six.”

* * *

“Okay, so hy’s nie useless nie. Selfs sy docket is agtermekaar,” sê Cupido toe hulle met die N2 stad toe ry. Hy blaai deur Duba se oorhandigde dossier terwyl Griessel bestuur.

Cupido bekijk die patoloog se verslag in Deel B van die lêer. Hy lees daaruit: “Female, early to mid-forties, no signs of sexual assault, no defensive wounds ... Body comprehensively washed in household bleach ... No fingernail scrapings, no gunshot residue ... Blunt force trauma to the head, shattered the occipital bone ...” En omdat hy die skets kan sien, en omdat hy weet hulle speurders kan nie altyd al die name en presiese liggaamsdele onthou nie, vat hy aan sy agterkop net bokant die nek en sê: “Dis dié een, hier agter ... Cause of death is severe trauma to the cerebellum, probably instantaneous. Wound was caused by a single blow of substantial force. Wound comprehensively washed with household bleach. No wound residue, no splinters, no microparticles. Blunt force weapon is probably a rounded metal cylinder, approximately five centimetre diameter pipe.”

Cupido kyk na Griessel. “A single blow, Benna. Substantial force.”

“Groot, sterk ou.”

“En nie rage nie, nie panic nie, nie overkill nie. Net efficiency.” Hulle weet al twee dié soort enkelvoudige wond kom dikwels in noodlottige gevalle voor, in huishoudelike of verkeersongelukke, maar in moordsake is

daar meestal meer as een wond – tekens van struweling, ’n moordenaar wat woedend of paniekerig of desperaat verskeie houes, steke of skote toedien.

’n Enkele, brutale hou met ’n stuk metaalpyp wil nie vir hulle pas by die moontlikheid van ’n geleentheidsmisdaad op ’n buitelandse toeris wat net die dag voor haar dood in die land aangekom het nie.

“Tyd van dood?” vra Griessel.

Cupido soek deur die verslag. “Probably Monday afternoon.”

Griessel sug. Want dit beteken dié misdaad is al ses-en-negentig uur oud. Konvensionele wysheid wil dit hê dat die eerste twee-en-sewentig uur deurslaggewend is tydens ’n ondersoek. Hulle het al klaar ’n agterstand, wat sekerlik net groter gaan word.

* * *

In die kantoor van die Cape Grace-hotel se dagbestuurder kyk die speurders na die CCTV-skermgrepe en na die foto van die Gebleikte Lyk, en hulle sien die ooreenkomste, maar hulle is nie heeltemal oortuig nie.

“Dit is sy,” sê die concierge Vinnie Adonis. “Missus Alicia Lewis.”

“Hoe is jy so seker, uncle?” vra Cupido, altyd respektvol as dit ’n ouer bruin man met ’n wettige, bewonderenswaardige witboordjie-betrekking is.

“Ek het vir haar Sondag gehelp, daar by my desk, en ek het vir haar Maandagoggend gehelp, ek is die een wat die meeste kontak met haar gehad het.”

“Sal uncle vir haar in die morgue gaan identify?” vra Cupido.

“As dit moet, dan moet dit.”

“Dankie, uncle. Nou vra ons lat jy vir ons mooi vertel van missus Lewis. Alles wat jy kan onthou.”

“Okay. Sy’t Sondagmiddag aangekom hier by die hotel, uit die Londen uit. Nou Sondag, die veertiende. Ek weet daai, want sy’t vir my goed kom vra, hier net voor vyf se kant, toe sê sy vir my die weer is so mooi hier by ons, in Londen het dit daai vorige dag so gereën. Toe sê ek, ma’ missus Lewis, jy klink nie vir my na ’n English lady nie. Toe lag sy en sy sê nee, sy kom eintlik van Amerika af, ma’ sy bly nou al hoe lank in Londen.”

“Uncle, watse goed het sy jou kom vra?”

“Sy’t my kom vra hoe is die beste om in Villiersdorp te kom. Dit was so ’n bietjie aardig, sy sê toe die dorp se naam op ’n manier wat ek nie kan verstaan nie, ‘Willy-ees-dô’ in daai Amerikaanse aksent, ek moes lat sy dit

vir my skryf, en toe sê ek, ‘Oh, Villiersdorp,’ toe sê sy, ja, sy moet die Maandag soontoe gaan, en moet sy Uber of moet sy taxi of moet sy ’n karretjie huur, wat is die veiligste?”

“Sy móét?” vra Griessel.

“Meneer?”

“Het sy gesê sy móét Villiersdorp toe?”

Adonis huiwer, frons en sê dan: “Daai is nou ’n goeie vraag. Dit kan wees lat sy gesê het sy wíl gaan, ek kan nou self nie presies onthou nie.”

“Wat wou sy in die Villiersdorp in gaan maak?” wil Cupido weet. “Het sy gesê?”

“Nee.”

“Okay, uncle, en toe?”

“Toe sê ek nee, alles is omtrent ewe veilig. ’n Taxi en ’n Uber kan kwaai duur wees al die pad Villiersdorp toe, ma’ at least hoef sy nie te worry oor verkeerd ry en verdwaal nie. Toe lag sy en sê nee, Google Maps is haar navigator. Sy was regtig baie nice gewees, nie al die Yanks is nice nie, ma’ sy was baie nice. En sy sê sy gaan nog twee weke hier by ons wees, sy dink dis ma’ beter om ’n karretjie te rent, kan ek vir haar help? Toe sê ek, no problem, watter klas kar soek sy, en wil sy ’n kar delivered hê teen extra cost, of wil sy ’n taxi vat Avis toe? Toe sê sy nee, laat hulle môreoggend ’n medium kar deliver, so nine o’clock. Toe sê ek dis reg so, ek reël vir haar alles. En toe, Maandagmôre, toe kom sy weer hie’ na my desk toe, net voor nege, en ek en sy en die Avis-outjie doen die paperwork. En toe, nine thirteen, according to the CCTV, toe loop sy hier uit met die Avis-kar se sleutels, ’n Group E Avis-karretjie, ’n silwer Toyota Corolla met ’n automatic gearbox. Most boring car in the country, ma’ wat kan jy doen ... ?”

Griessel wil vra dat hulle so gou moontlik die registrasienommer van die motor kry, maar die deur gaan oop en die dagbestuurder steek sy kop in om te sê: “We might have something for you ...”

Hulle kyk afwagtend na hom.

“It’s difficult to talk to all staff, because they’re tied up, so we have small meetings during breaks. And we have a waitress who works in the Signal who just told us missus Lewis had breakfast with a man on Monday morning.”

“The Signal?”

“Our restaurant.”

“We’d like to talk to her,” sê Cupido.

“Of course. She’s waiting for you.”

“Is there CCTV footage of the man?” vra Griessel.

“We’ll start looking right away,” sê die bestuurder.

“Thank you very much,” sê Griessel.

“You’re welcome. Look, I ... I’m sure you’re aware of this, but we have missus Lewis’s home number. Her London home, I mean. It’s on her booking info.”

“We can’t call that number before we’ve identified the body,” sê Cupido.

“Of course, of course.”

Griessel loop alleen saam met die bestuurder na die CCTV-monitorkamer, want Cupido en Vinnie Adonis ry nou na die staatslykshuis in Soutrivier.

Die kelnerin wag al daar, 'n jong Xhosavrou. "I thought he must be her grandpa," sê sy terwyl hulle wag om na die regte materiaal op die skerm te kyk.

"The man she had breakfast with?"

"Ewe. He was old, and he was like this ..." Sy hou haar hand laag en geboë, om te wys die man was kort en krom.

Die sekuriteitshoof speel die video van die voorportaal se kamera vir hulle terug teen twee keer die gewone spoed, tot die kelnerin sê: "That's him." Dit neem 'n rukkie om die beste beeld gevries op die skerm te kry.

"See," sê die kelnerin. "Utatomkhulu. A little grandpa."

Griessel knik. Die man in die beeld is iewers aan die verkeerde kant van sewentig, klein van gestalte, die rug krom in sy stywe oumanstappie, maar daar is 'n lewendige kordaatheid, 'n selfversekerdheid aan hom. Sy hare is nog welig, kort en netjies, spierwit-grys en met groot sorg na agter gekam, sy neus prominent. In sy regterhand is 'n bruin aktetas van sagte leer, in sy linkerhand 'n grys fedora. Hy is deftig geklee in baadjie, wit hemp en das.

"You're absolutely sure he had breakfast with missus Lewis?" vra Griessel.

"Ewe. Very sure. She had a cheese and mushroom omelette; he had the health breakfast. Muesli and fruit and yoghurt. She was nice. He was ... white."

Griessel vra die sekuriteitshoof hoe laat die ou man by die hotel opgedaag het.

"Seven-fifteen."

"Can we see what time he left?"

"Sure."

Hy vra vir die kelnerin of sy kon hoor waarom hulle gesels, mevrou Lewis en haar gas.

“No. But he gave her a book.”

“What kind of book?”

“I didn’t see. He took the book from his little suitcase, and he wrote in it, and he gave it to her.”

* * *

Cupido gebruik nie die gewone geriewe vir die uitken van die dooies in die Soutrivier-lykshuis nie, want Vinnie Adonis is nie ’n naasbestaande van Alicia Lewis nie.

Om tyd te bespaar lei hy die ietwat gespanne concierge reguit na die koelkaste toe. Hy vra om verskoning vir die ongerief en die vreemde reuke, sê dan: “Dit kan ma’ ’n nare experience wees, uncle,” en hy knik vir die beampte aan diens om die laai oop te trek, en dan weer om die wit kleed te verwyder.

Vinnie Adonis kyk met ’n sekere makabere nuuskierigheid en met ’n opregte begeerte om die regte identifikasie te maak. Hy moet nader tree, vooroor leun, en dan staar hy lank, en dan word hy naar.

“Die emmertjie is daar,” sê die lykshuisbeampte verveeld, ’n roetineverwysing.

Adonis gaan buk by die emmer, maar hy slaag daarin om die vomering te keer. Hy kyk met tranende oë op na Cupido. “Dis sy,” sê hy met ’n hees stem.

“Uncle is seker?”

“Doodseker.”

Vaughn haal sy foon uit om vir Bennie te bel.

* * *

Dit is net voor vyf die middag, in die hotelbestuurder se kantoor. Griessel skakel Alicia Lewis se huisnommer in Londen.

Hy dink nie daaraan dat hy die een gaan wees wat die doodstyding bring nie. Hy het dit in sy loopbaan al male sonder tal gedoen – van jong konstabel in die noordelike voorstede wat Vrydagaand se motorfietssterftes aan ma’s en vrouens moes gaan oordra, tot die Valke-speurder wat die meeste gevra word om dit ná ’n moord te doen. “Want jy het die gravitas, Benna, die gravitas,” soos Cupido hom sal probeer manipuleer.

Dis nie gravitas nie, dis ervaring. Te veel ervaring.

Dit lui in 'n huis in Londen wat hy homself nie in sy geestesoog voorgestel kan kry nie, vier, vyf, ses keer voor iemand ietwat uitasem antwoord. "Hello?"

"Good afternoon," sê Griessel, en hy besef hy weet nie hoe laat dit nou in Engeland is nie. "Who's speaking?"

"This is Tracy."

"Madam, are you related to missus Alicia Lewis?"

"Miss Lewis. No, why do you ask?"

"Is that her residence?"

"Yes. Who is this?"

"What is your relationship to miss Lewis?"

"I'm sorry, but who is this?"

"My name is Bennie Griessel. I am a captain in the South African Police Service. I'm calling from Cape Town."

"Oh, Jesus ... Is Alicia okay?"

"May I please ask what your relationship is to miss Lewis?"

"I'm just her housesitter. I ... I'm a student, I ... Is she okay?"

"Madam, I'm very, very sorry to tell you that miss Lewis passed away on Monday." Hy hou sy stemtoon sag, want hy weet dit is woorde wat mense se lewens vir altyd verander. Geen gravitas nie. Net ervaring.

* * *

Dit neem hom amper vyf minute om Tracy Williams, in 'n dorps huis in Londen, kalm genoeg te kry sodat hy vrae kan vra.

Sy sê sy pas al die afgelope twee jaar Lewis se huis op wanneer sy met vakansie gaan of 'n naweek uitstедig is. Die drie-en-veertigjarige Alicia Lewis het nooit getrou nie, het geen kinders nie. Daar was al die afgelope paar jaar nie meer 'n liefdesbetrokkenheid nie. Lewis het 'n suster en 'n ma wat iewers in Amerika woon. "I think Long Island or somewhere ..."

Sal sy die kontakbesonderhede kan kry?

Sy sal probeer ...

Is daar 'n werkgewer wat dié besonderhede sal hê?

Ja, Restore behoort dit seker nog te hê. Lewis het 'n maand of so gelede bedank – sy was amper twintig jaar lank by Restore. 'n Kunsmaatskappy.

Griessel vra of Williams dalk kontaknommers vir die onderneming het.

Nee, maar hy kan kyk by restore.art.co.uk, onder "Contact Us".

Hy vra haar: Hoe laat is dit nou in Londen?

* * *

Griessel is nog op die foon met Lewis se voormalige werkgewer, besig om in sy notaboek aantekeninge te maak, toe Cupido weer inkom. Vaughn dra hul moordtas, een in elke hand. Hy sit Griessel s'n neer en gaan weer uit. Bennie lei af hy gaan solank begin om Lewis se hotelkamer te ondersoek.

Wanneer hy eindelijk klaar is met die tweede oproep, neem hy sy moordtas, gaan soek die bestuurder om vir hom dankie te sê dat die SAPD op die hotel se koste oorsee kon bel. Dan stap hy na kamer 202 toe.

Voor die oop deur het Cupido geel misdaadtoneel-band dwars aangebring. Sy moordtas – soos Griessel s'n 'n groot swart aktetas – is op die vloer in die gang, deksel oop. Langsaan lê sy lang swart winterjas en baadjie, netjies gevou en gestapel.

Griessel loer by die deur in. Binne kniel Cupido by die dubbelbed, kyk of daar iets onder dit is. Op die bed staan Lewis se groot reistas. Cupido het hospitaalblou skoenbeskermers en deursigtige rubberhandskoene aan.

“Ek is hier,” sê Griessel.

“PCSI is op pad,” sê Cupido. Hy verwys na die elite provinsiale misdaadtoneel-ondersoekteenheid wat dikwels die Valke se misdaadtonele forensies ondersoek.

“Okay.” Griessel sit sy tas ook teen die muur, trek sy baadjie uit, plaas dit langsaan. Hy haal die skoenbeskermers en handskoene uit, trek dit aan. Dan buk hy onderdeur die misdaadtoneel-band en loop by die groot hotelkamer in.

“Ek het na haar huis toe gebel in Londen. Daar's nie kind of kraai nie, sy was nog nooit getroud nie. Daar is 'n ma en 'n suster in Amerika. Ek sal hulle bel – ek wag nou vir die telefoonnommers. Lewis het alleen gebly. 'n Meisie ... 'n student wat haar huis oppas, sê Lewis het Kaap toe gekom vir 'n vakansie. Lewis het gewerk by 'n plek met die naam Restore. Hulle sê sy het einde Maart bedank en gesê sy wil 'n jaar of twee sabbatsverlof vat ...”

“Nou, ses weke terug?” Cupido is orent, hy het die reistas oopgemaak.

“Ja... .”

“Sabbatsverlof?”

“Ja, sy ...”

Cupido snork. “Sabbatsverlof. I don’t even know what that means. Imagine ’n poliesman wat sê, nooit, ek’s nou bietjie moeg, ek gaan ’n lekka’ sabbatsverlof vat. Of een van my coloured broers: ‘Ja, my china, ek vat so bietjie sabbatsverlof weg van die house paint job af, maybe Mauritius ...’ Dis net ryk wit mense wat daai term gooi sodat ander ryk wit mense nie dink hulle is luigatte nie ...”

Griessel weet dit help nie om Cupido te onderbreek as hy stoom afblaas nie. Hy doen dit dikwels en Bennie vermoed dit het vir sy kollega groot terapeutiese waarde. En dit is meestal amusant. Veral die feit dat hy Griessel nie as “wit” beskou nie. Hulle het al daaroor gepraat. Dan sê Cupido: “Colour only applies to whites who have never suffered. Jy’t nie kleur nie, Benna.”

Griessel is nooit seker presies wat Cupido bedoel met sy “suffering” nie. Seker maar die gesuipt. Hy wag tot sy kollega klaar is, sê dan: “Sy was in die kunste. Groot kenner, sê hulle, van ou goed. Daar is ’n vrou wat saam met haar gewerk het en wat haar beste vriendin was. Hulle sal haar vra om te bel. Sy is op die oomblik in Europa iewers ...” Dan vra hy: “Wat het jy klaar gedoen?”

“Foto’s geneem van die hele kamer en die inhoud van die hangkas.” Die speurders gebruik hul selfone daarvoor, as hulle eerste op ’n toneel is. “Dis daar agter by die badkamer, more like a walk-in closet. Dis ’n grand hotel dié, Benna. Must cost a fortune. Daar’s klere en skoene, en daar’s ’n laptop in die boonste laai, onder haar undies, like she was hiding it ...”

“Miskien net gedink dit kan gesteel word.”

Cupido knik. “Ek het vir Lithpel gebel – hy bly by die werk tot ons dit bring.” Sersant Reginald “Lithpel” Davids is die Kaapse Valke se inwonende tegnologie-genie, verbonde aan hulle Inligtingsbestuursentrum, of IMC. “So far, no passport,” sê Cupido. “No cell phone or charger ...”

“Seker in haar handsak,” sê Griessel, want op die CCTV-materiaal kon hulle sien sy dra ’n taamlike groot sak oor haar skouer toe sy die hotel verlaat. “Het ons al die gehuurde kar se ...” En dan lui sy selfoon.

Hy haal dit uit, sien dit is kaptein John Cloete, hulle mediaskakel-offisier. Dit beteken die media het reeds gehoor die DPMO het die saak oorgeneem.

Hy antwoord nie, maar sal later terugbel. Hy sê net “Cloete” toe Cupido vraend na hom kyk.

“The vultures are circling,” sê Cupido.

OceanofPDF.com

9

Griessel bestudeer vir die eerste keer die hotelkamer. Dit is groot en luuks. Die Franse deur teen die noordelike muur se gordyne is oop en kyk uit op 'n vals balkon, met 'n uitsig oor die water, die seiljagte en die miljoenêrswoonstelblokke van die Waterfront oorkant die dok. Daar is twee gemakstoele by 'n koffietafel, 'n lessenaar in klassieke styl met 'n stoel daarby. 'n Tamaai dubbelbed, perfek opgemaak, twee bedkassies, 'n groot platskerm-TV.

“Netjiese vrou,” sê Cupido. “Only washing in the suitcase ...” Hy maak die turkoois reistas toe en dra dit weer na die groot ingeboude kas waar hy dit gekry het.

“Ek doen solank die badkamer,” sê Griessel en loop daarheen.

'n Bad, 'n stort, twee wasbakke, duur, mooi afwerkings. Groot en klein spierwit handdoeke teen die muur. Lewis se toiletsakkie staan tussen die twee wasbakke. Grimering, tandepasta en 'n tandeborsel is uitgepak en netjies gerangskik langs die hotel se sepies, sjampoe, stortjel.

Hy ondersoek die toiletsakkie, maar kry niks besonders nie. Hy loop weer uit.

Cupido stoot 'n bedkassie se laai toe. “Nothing,” sê hy. “Net die laptop.”

“Knock-knock,” kom 'n stem van die deur af. Hulle herken dit as Jimmy, die lang, skraal een van die PCSI.

“Who’s there?” vra sy forensiese kollega Arnold – die kort dikke – aspris luid sodat hulle kan hoor. Saam staan dié twee bekend as Dik en Dun, in die holruggeryde grappie wat hulle dikwels self vertel: Die PCSI staan deur Dik en Dun by jou.

“Canoe,” sê Jimmy.

“Canoe who?” vra Arnold.

“Canoe please help the Hawks? They’re clueless.”

En dan lag die twee asof dit die grap van die jaar is.

Net voor sewe bel Griessel vir John Cloete.

“Wat kan jy vir my gee oor die Gebleikte Lyk?” vra Cloete.

“Die Gebleikte Lyk?”

“Dis wat die media haar noem.”

“Sy’s ’n Amerikaanse burger, John.”

Cloete sug. Dit beteken groter opspraak, groter histerie. Moeilikheid.
“Wat nog?”

“Sy het Sondag as toeris hier aangekom. Ons soek na haar gehuurde motor,” sê Griessel en verskaf die registrasienommer. “Enigiemand met inligting, die gewone storie ...”

“Dis al?”

“Dis al wat ek nou wil gee.”

* * *

Om 19:27 draf Griessel en Cupido deur die stortreën van die jaar se eerste winterstorm. Terwyl hulle op pad is terug Bellville toe, bel Bennie vir Alexa. “Ons gaan laat wees,” sê hy toe sy antwoord.

“Wat het gebeur?” vra sy met haar gewone sorgsaamheid.

“Die Gebleikte Lyk.”

“Ek het so gedink. Dit was op die radio dat die saak na julle toe is. Het jy iets gekry?”

“Nog niks.”

“Moet ek vir jou kos hou?”

Alexa Barnard is ’n uitstekende sakevrou en steeds ’n briljante sangeres. Maar kook is nie een van haar talente nie. Sy het geen aanvoeling daarvoor nie. Sy doen dit dikwels terwyl sy oproepe neem of e-posse beantwoord, sodat sy soms nie kan onthou watter van die resepte se bestanddele reeds in die pot is nie. Boonop is haar smaaksintuig verdag. Sy sal versigtig proe aan ’n kerrie of ’n pot sop, dit “perfek” verklaar, en wanneer sy dit opdien en begin eet, sal sy fronsend sê: “Nou is iets nie reg nie. Proe jy dit ook?”

Daarom sê hy nou: “Nee dankie, ons kry sommer iets langs die pad.”

Hy lui af. Cupido vra: “Sy weet nog niks van die engagement nie?”

“Nee.”

“Het die bank al laat weet?”

“Hulle dink nog.”

“Maybe it’s a sign, Benna.”

Hy lag. “Jy’s net bang Desiree hoor ons is verloof en vra jou wanneer jy ’n plan maak.”

“Damn straight,” sê Cupido. “And it scares the shit out of me.”

* * *

Lithpel Davids wag in die groot lokaal van die DPMO se Inligtingsbestuursentrum.

Hy’s klein en tengerig, met die gesig van ’n skoolseun en ’n massiewe Afro-haarstyl. Hy het ’n lispel-spraakgebrek gehad voor dit chirurgies reggestel is, maar sy bynaam kleef steeds.

Cupido gee die Apple MacBook Pro vir hom, die forensiese ondersoekers se vingerafdrukpoer nog sigbaar op die silwer oppervlak.

“Come to papa,” sê Lithpel en begin deur sy boks kabels en laaiers soek vir die regte kragpunt.

Cupido en Griessel gaan sit by die lang tafel, oorkant mekaar. Elkeen het soos gewoonlik gedurende die rit terug die saak bedink, nou is hulle reg om teorieë te toets. Griessel weet Cupido sal begin.

“Okay, let me get this straight. My naam is Alicia Lewis, ek is forty-and-how-many years old ... ?”

“Drie-en-veertig,” sê Griessel.

“Forty-three. En ek het nou twintig jaar met my art gewerk, give or take, en ek was baie smart, want ek het nie getrou nie ... ” Hy kyk betekenisvol na Griessel, wat die blik ignoreer. “... so ek kon al my geldjies spaar, en nou vat ek sabbatsverlof ...”

“Sabbats-wat?” vra Lithpel Davids.

“Amen, brother, ma’ moenie interrupt nie, die grootmense praat,” sê Cupido.

“Grootmense, my arse,” sê Davids sag.

“Okay, so ek vat sabbatsverlof, en wat doen ek ... ?”

“Ek hang ’n maand lank rond in Londen terwyl ek my eerste vakansie beplan ...” sê Griessel.

“Right. En van al die plekke in die universe wat ek kan kies, kom ek na die good old R of SA toe, specifically Cape Town. Which is fair enough, ’cause why dis die most spectacularly beautiful city in the most awesome country on the planet. So far so good.”

Griessel knik.

“And the first thing I do after I get to the hotel, ek gaan vra vir die concierge hoe kom ek op Villiersdorp.”

“Villiersdorp?” sê Lithpel Davids, sy oë op die MacBook se skerm, maar sy ore duidelik nie.

“Sharrup, sergeant,” sê Cupido, “but that’s exactly the point. Hoekom Villiersdorp? With the utmost respect to the good people of Villiersdorp, that’s not the first tourist destination that comes to mind as ek ’n Yankee is wat in die Londen uithang nie. Of sit ek die pot mis hier, Benna?”

“Nee, dis my eerste groot vraag ook. En haar werkgewer en haar huisoppasser dink dit is die heel eerste keer dat sy Suid-Afrika toe kom.”

“En jou eerste order of business is breakfast met grandpa? En jou eerste special outing is Villiersdorp toe? Curious.”

“Jip.”

“Wie’s grandpa?” vra Davids. “And here’s a bit of bad news. Dié auntie het ’n password op haar user ID. It’s going to take a little longer.”

“Grandpa is hierdie ancient whitey uncle met wie miss Alicia Lewis haar five star breakfast feast deel, die heel eerste oggend wat sy in die Kaap wakker word.”

“Aitsa. Did he sleep over?” vra Davids.

“No, you pervert, hy’t prim en proper aangekom in die môre.”

“Maar dit beteken sy het ’n afspraak met hom gehad. So sy het hom geken,” sê Griessel.

“Obviously,” sê Lithpel Davids.

“Ma’ dit beteken sy het dalk nie onse Kaap gechoose for its natural beauty nie, sergeant. It means she had a different agenda, or an additional agenda.”

“Nie noodwendig nie,” sê Griessel. “Miskien is grandpa ’n ou vriend wat ook in die kunste is.”

“True. But why have breakfast with him, first thing Monday morning, first morning of the holiday, two leisurely weeks ahead, net voor jy Villiersdorp toe ry, never to be seen again.”

“Dis die vraag,” sê Griessel.

“En dis hoekom Sergeant Slowly hier vir ons die laptoppie moet oopmaak.”

“Have I ever failed you?”

Griessel se selfoon lui. Hy sien dis Jimmy van Forensies. Hy antwoord: “Jimmy?”

“I daresay, old boy, may I speak to captain Ghreezel?” vra Jimmy met ’n aangeplakte Britse aksent.

“Sy was ’n Amerikaner, Jimmy. Sy’t net in Londen gewerk.” Hy sê dit met groot geduld in sy stem, want met Dik en Dun is dit jou enigste aanslag wat werk.

“O,” sê Jimmy ietwat teleurgesteld. “Ons wou net laat weet hier’s nie veel wat bruikbaar is nie. Geen bloed nie, geen semen. Ons sal die skoonmakers se vingerafdrukke môreoggend moet vat voor ons kan sê of daar onidentifiseerbare afdrukke is.”

“Dankie, Jimmy.”

“Y’all have a good night now,” kom dit in ’n baie oordrewe Amerikaanse aksent.

Lithpel Davids leun terug in sy stoel, vleg sy vingers inmekaar en sê: “Daar’s hy, password cracked. Wat het julle uit dié baby uit nodig?”

OceanofPDF.com

10

“Ons wil weet hoekom sy Kaap toe gekom het. Hoekom sy Villiersdorp toe wou gaan ...” sê Griessel. “Enigiets ...”

“The usual stuff. Check haar email en haar Facebook en ook haar calendar ...” sê Cupido.

“I read you, captain, I read you ...”

“Sy’t nie ... Die ding van die vakansie ... Wat my die meeste pla, is die bleikmiddel,” sê Griessel.

“Ek weet,” sê Cupido. “Dis soort van contradictory.”

“Daai’s ’n groot woord vir ’n poliesman,” sê Davids terwyl hy dinge op die MacBook se skerm doen. “Hoekom is die bleach contradictory?”

“Hoeveel Jik ry jy saam in jou kar, Lithpel?”

“Niks.”

“Exactly.”

“I’m not following.”

“So hie’ kom die dollie uit die England aan, die eerste kans wat sy kry, vat sy ’n rental na ’n klein, unimportant dorpie ’n honderd kilo’s uit Kaapstad uit ...”

“Vermoed ons ...” sê Griessel.

“Or in that general direction. And she happens to run into a guy with a truckload of bleach who wants to kill her? Now is that pure coincidence?”

“Ma’ hy kon haar mos eers gecap het, en toe die bleach gaan koop het,” sê Lithpel.

“Dis die punt,” sê Griessel. “Dit pas nie.”

“‘Cause why,” sê Cupido, “hierdie lyk na ’n kwaai organised killer. Met hierdie soort van ding ... Okay, dis meer by serial killers, but consider for a moment, if you will, the facts of this specific case; die manier hoe hy die lyk gepresent het, soos ’n window display, very structured. It has the whiff of a serial killer type murder. Ons sê nie dit is nie, ons sê net daar is ...”

“Stof tot nadenke,” sê Griessel.

“What he said,” beaam Cupido. “Nou, in dié soort van ding kry jy jou organised killers, jou disorganised killers, en jy kry van hulle wat ’n mix is tussen die twee. Maar hierdie ou: een hou, net één, om haar dood te maak, clean, efficient. Businesslike. Very organised. Careful washing of the body in bleach. Very clever, very organised. Hy vat haar klere, haar handsak, haar kar, haar foon, alles, en hy dump dit iewers. Smart. Organised. Carefully exhibits the body on this little wall in a pretty public place. ’n Plek waar hy weet iemand gaan haar kry. Dis wat hy wil hê. Again, very organised.”

“Nie die soort van ou wat haar op die ingewing van die oomblik vermoor, en dan begin rondjaag om bleikmiddel te koop nie,” sê Griessel.

“Contradictory,” sê Cupido.

“Clutching at straws,” sê Lithpel Davids. “Klink nie vir my of julle veel het nie.”

Griessel knik. “Dis waar. Maar dis hoekom ons moet weet wat haar planne Maandag was. En wie daarvan geweet het.”

“I’ll do what I can,” sê sersant Lithpel Davids, “but it is going to take a while. Sy’t nie ’n mail client geconfigure nie. Which means she did email in her browser. Nou’s die vraag, watse web mail, en het ons ’n password nodig ... ?”

* * *

Hulle laat Davids aangaan met sy werk. Hulle loop na Griessel se kantoor om die bulletins vir die vermiste gehuurde motor aan alle polisiekantore uit te stuur en om die saakdossier op datum te bring.

Om 22:48 lui Griessel se selfoon. Hy sien dit is ’n buitelandse nommer en sê vir Cupido: “Ek dink dit is haar vriendin.”

Hy antwoord in Engels: “This is captain Griessel.”

“My name is Carol Coutts.” Die stem dra swaar aan ’n Skotse aksent en aan emosie. “And Alicia Lewis was my best friend.”

* * *

Carol Coutts klink vir hom na ’n sterk vrou. Hy vra eers: “Can I call you back?” Sy sê nee, dankie, en dan, met bewing in haar stem: “I want to know how she died.” Hy vertel haar, so taktvol as wat hy kan, die hooftrekke van wat hulle weet. Sy huil nog nie, en sy vra: “Do you have suspects?” En dan: “Do you have leads?”

Sy huil ook nie wanneer sy Griessel se vrae begin beantwoord nie. Sy vertel hom dat Lewis 'n baie slim vrou was, met 'n MA van die Arizona State University in klassieke en antieke kuns, en dat sy ook later 'n nagraadse regsdiploma in Brittanje verwerf het. "She worked as Recoveries Case Manager at the Art Loss Register, in London, for seven years ..."

"I'm sorry, I don't know what that is ... the Art Loss Register."

"It's an international ... As a matter of fact, it's the biggest private database of lost and stolen art in the world. If your art is stolen, they will search for it, and try to recover it. She worked on the recovery side, she was very good. That's why Restore headhunted her ..."

"That's where you worked together? At this company, Restore?"

"Yes, for more than ten years."

"What does Restore do?"

"It's quite similar to ... Well, to be honest, we are in direct competition with the Art Loss Register, like several other companies. We have our own database, and we offer a very comprehensive service regarding all aspects of recovering works of art and collectables that are lost or stolen ..."

"Madam, this must seem like a stupid question, but I need to understand: How do you 'lose' a valuable piece of art?"

"No, it is a valid question. There's ... For instance, thousands of families lost art worth billions of dollars during the Second World War, because of displacement, or the Nazis ... There are natural disasters, art theft, art ransom ... so many ways in which art can get lost."

"And Restore, they find the art again?"

"Well, we try, but it's more than that. We aid our clients with research on, for instance, the legal title of a work of art, we provide dispute resolution, or advice on potential claims. And of course the recovery services, where Alicia and I worked."

"What exactly did she do?"

Griessel weet hoe onvoorspelbaar verlies en smart werk, hoe dit deur verskillende herinneringe ontketen kan word. Hy is nie verbaas om te hoor dat dit die oomblik is wanneer sy begin snik nie. Hy wag geduldig voordat hy sê: "I'm so sorry." Hy laat haar huil, verwonder hom op dié oomblik aan die sterk drang wat hy meteens voel om 'n hand na haar uit te reik en haar te troos.

Eindelik vertel sy hom sy en Alicia Lewis het die proses bestuur vir die terugvind van verlore of gesteelde kunswerke – en ander versamelgoed van

groot waarde. Dit beteken sy het 'n aanvanklike onderhoud met die kliënt gevoer, en daarna al die aksies in werking gestel wat nodig was – skakeling met versekeraars en wetstoepassers, soms private ondersoekers, die mense of instansies wat die kunswerk in hul besit gehad het, museums en kenners wat die egtheid kon bevestig – om die item op te spoor, om seker te maak die kliënt se aansprake en eiendomsreg is geldig, en om daardie aansprake en regte af te dwing. “It really is all in the title. We are Recoveries Case Managers, with the emphasis on *managers*.”

“Did she have contact with people in South Africa?”

“I ... Perhaps. I don't ...” Hy kan hoor sy kry nou weer swaar.

“Shall I rather call you tomorrow, madam?”

“No, I ... I'm sorry ... There wasn't any case file that I'm aware ... Do you mean professionally – did she know someone in South Africa professionally?”

“Or personally. Did she ever talk about people in South Africa, in Cape Town, that she knew, or wanted to visit?”

“I ... No ... I'm sorry ...”

“Did she talk about coming to South Africa on holiday?”

Daar is stilte oor die lyn en hy kan haar hoor asemhaal, soveel duisende kilometers ver.

Hy hoor hoe sy snuif, snuit en dan diep asemhaal voor sy sê: “You know, captain, she never did. We were ... I'm almost fifty years old, I'm not naive or overly sentimental, I think I'm pretty realistic when it comes to friendship ... any relationship, for that matter. So when I tell you we were the best of friends, I'm not exaggerating. It was such a ... a comfortable friendship. Like an old gown, we used to joke, cosy and warm and soft and familiar when you needed it, but all was well when it was hung away for a while too. No demands, no expectations, just ... easy. She had always been single, whereas I've been divorced for the past thirteen years. We had other friends and different interests, but over the past decade we saw one another just about every working day. We had lunch together two, three times a week, and most of all, I believe we kept no secrets from one another. We would talk about absolutely everything. And I mean *everything*. I always thought the most valuable thing about our friendship was the trust. And then, at the end of February ... Actually, if I have to be honest, it was a little before that. I ... In January, something changed. I don't know what it was, it was just ... She was ... I know this sounds silly, but it was as if she was

looking away, as if her gaze had lifted to ... a horizon of sorts, a different horizon. I didn't really react at the time, you know, I thought she might have met someone, or maybe ... we all go through phases, and I ... But then, at the end of February, she came into my office and she sat down and she said: 'Carol, I've had enough. I'm going to resign.' Completely out of the blue, I never saw it coming, I had no idea she was ... that she had had enough, as she put it. Never ever did she say a word to me that she was unhappy, I always assumed she enjoyed the work. Anyway, I felt a little betrayed, the trust thing ... Just like I feel now. Because we met for brunch, the Saturday before last, and all she said was that she was thinking of going away for a while. I asked where to, and she said maybe Spain, she hadn't decided yet. But she never said a word about South Africa."

* * *

Eers teen halftwaalf ry hy in die reën huis toe, in Brownlowstraat, Tamboerskloof, en hy loop so saggies moontlik op met die trappe, gaan stort in die ander badkamer sodat hy nie vir Alexa pla nie.

Die saak van Alicia Lewis is heeltyd in sy kop.

In die koue badkamer staan hy kaal, gereed om in die stort te klim, toe sy selfoon 'n teksboodskap-geluid maak. Dis Lithpel Davids: *Gmail, no auto login. Gan tyd vat. Ek gan zzzz.*

Hy sit die foon neer, klim in die stort, draai die krane oop. Sy gedagtes vloei saam met die water. Hy sien hoe sy dood is. Een verskriklike hou agter die kop. Die een oomblik in die lewe, dan net weg. Al haar geheime, haar nuwe horisonne saam met haar die ewigheid in.

Een verskriklike hou agter die kop.

Jy moet ruimte hê om 'n pyp só te swaai. Sy sou moet stilstaan, haar aandag iewers elders, want dit was nie 'n aanval van voor nie, sy het dit nie verwag nie.

Waarom?

Hy klim uit die stort, droog af. Hy skakel die ligte af, loop saggies bed toe, klim in, hoor die reën op die dak. Alexa se lyf is warm, haar arms is verwelkomend en sy kom lê teen hom en sug behaaglik. "Lief jou," sê sy van iewers uit haar slaap uit.

Dis hoekom hy met haar wil trou, besef hy. Hierdie tuiskoms. Want sy is sy tuiste.

Maar hoe vertel jy dít vir Vaughn Cupido?

OceanofPDF.com

11

Saterdagoggend 06:24, nog donker. Daar is byna geen verkeer op die N1 nie. Griessel ry werk toe. Sy selfoon lui, maar hy ken nie die nommer nie. Hy antwoord.

“Captain, this is sergeant Duba, Somerset West,” hoor hy.

“Good morning, sergeant.”

“Morning, captain. I’ve just had a call from a professor Wilke. He was listening to the radio and heard that you’ve identified the bleached body, and he says he had breakfast with her on Monday morning. He got hold of Wednesday’s newspaper article online, the one with my contact details, and so he called me. Can I text you the professor’s telephone number?”

* * *

Griessel bel die professor vanuit die kar.

“Hallo, dis professor Marius Wilke,” antwoord die man en Griessel wonder hoekom dit vir sekere mense so belangrik is om ’n titel te hê én te sê. Hy gebruik sy eie so spaarsamig met die publiek, net wanneer dit ’n amptelike gesprek – en nodig – is.

Hy span dit nou in, effe doelbewus. “Dis kaptéin Bennie Griessel,” sê hy en vra waar die professor is, want hulle wil kom gesels oor sy ontmoeting met Alicia Lewis.

“Ek is in Schonenberg, hier op Somerset-Wes. Maar luister, die probleem is ek weet nie of ek kan praat nie, ek bedoel, of ek met jou kan praat oor alles waaroor ek en mejuffrou Lewis gesels het nie. Ek sal moet seker maak.”

Griessel sit in sy geestesoog die hoë, heserige stem oor die telefoon by die kordate figuurtjie van die hotel se kringtelevisiekameras en hy glimlag. Snaakse omie. Die soort vir wie Vaughn Cupido sy byl sal slyp.

“Hoe so?”

“Ek het ’n kontrak geteken, Bennie,” antwoord hy, asof hulle ou vriende is. “En my woord is my eer.”

* * *

Hy sê niks vir sy kollega oor die professor se manier nie. Hulle ry net ná sewe Somerset-Wes toe, die son nog nie op nie, die berge agter Gordonsbaai swart geëts teen die verkleurende kim. By Schonenberg Retirement Village moet hulle by ’n valhek stilhou en ’n register teken. Die hekwag sê hy bel gou “die prof” om te hoor of hulle ’n afspraak het.

“Ons is die Hawks, my broe’, ons het nie ’n appointment nodig nie,” sê Cupido.

“Just humour me, brother, ek doen net my jop.” Dit is ’n taal wat Cupido verstaan. Hy knik net, die wag bel, maak daarna die hek oop en gee aanwysings. Hulle ry binne. Die aftreeoord is rye netjiese huisies met swart dakke, liggeel mure en goedversorgde tuine. Twee vrouens kom in die oggendskemer in die pad af – hulle kragstap met ’n oordadige, doelgerigte swaai van die arms.

Griessel hou voor Wilke se huis stil, klim uit. Die deur gaan oop en die mannetjie kom uit, professoraal geklee in ’n bruin tweedbaadjie, wit hemp en ’n grysblou das, sy spierwit hare nog nat, maar perfek gekam.

“Môre, môre, môre, menere,” groet hy, sy hand uitgehou na Cupido wat die naaste aan hom is. “Professor Marius Wilke, bly te kenne, bly te kenne.” Hy kom nog kleiner, besiger, meer kordaat voor as op die video, ’n karikatuur met die groot neus, die hoë stem en die blymoed wat uit hom straal, die vonkelende oë, die lewenslus.

Hy skud geesdriftig elke speurder se hand, sê hul name en range verskeie kere, dalk sodat hy dit in sy geheue kan vaslê, en nooi hulle na binne. “Koffie? Ek het ’n pot aan die gang – filterkoffie, goeie koffie – hoe lyk dit?”

Die kombuis, eet- en sitgedeeltes is ’n oopplan-eenheid, die propvol boekrakke teen elke muur en die baie vensters sweer saam om dit aangenaam te maak, tegelyk huislik en statig.

Hulle gee hul bestellings, hy beaam dit en hou aan met praat terwyl hy in die kombuis die drinkgoed bewerk. Hy vertel van die skok vanoggend toe hy op die radio se nuusbuletin hoor die naam van die Gebleikte Lyk is Alicia Lewis. Hy luister elke dag vroeg al die radionuus, want dit is nou een

ding van oud word, jy slaap nie meer so baie nie; hy sit soggens al voordag wakker en wag vir die sesuur-bulletin. Nou die oggend, die nuus van die lyk daar bo in Sir Lowrys, toe later die ding van die bleikmiddel, en jy verwag dit nie, jy verwag eenvoudig nie dat jy die vermoorde, die slagoffer, sal ken nie. Die arme, arme vrou. En hy het Maandagoggend ontbyt saam met haar gehad, so 'n aangename ontbyt, sy is ... hy bedoel, sy wás in die persoon soveel ... ag, soveel liefliker as wat die e-posse en die telefoongesprekke ...

Die professor kom om die hoek van die kombuis gestap met 'n skinkbord en die stomende bekers en 'n bordjie beskuit. "Help julleself, help julleself, ou Bennie, ek kan maar sê Bennie? Ek het darem my prokureur in die hande gekry ná ek met jou gepraat het, net om seker te maak van die swyglousule, en hy sê vir my ek kan maar praat met julle, dis darem 'n moordondersoek. Toe's ek bly ek het dadelik gebel, want ek het gesien, al die misdaadprogramme op die TV, die eerste twee-en-sewentig uur is vir julle die groot ding, nè ..."

"Watse swyglousule?" vra Cupido.

"Ou Vaughn, jong, dis eintlik 'n baie interessante storie. Baie interessant ..." Marius Wilke spring meteens en energiek op en loop oor na 'n boekrak toe. "Jy sien, ek was my lewe lank historikus hier by die Universiteit ..." Hy beduie vaagweg in die rigting van Stellenbosch. "Departement Geskiedenis, natuurlik ..." en hy neem vier dik boeke van die rak af en hy kom terug, hou hulle uit vir Cupido. "Dis my lewenstaak hierdie, dis nou natuurlik afgesien van die akademiese artikels, dis my lewenstaak hierdie, die geskiedenis van die Kaap, van sestien- tot negentien-honderd, breedweg, breedweg gesproke, dit was my lewenstaak, dit was my passie, vier boeke, sewe tale vertaal, in sestien lande uitgegee."

Cupido neem die boeke by hom, kyk na die titels, gee hulle aan vir Griessel. "Maar toe ek aftree, sewe jaar gelede, kan jy glo, dis al sewe jaar gelede, ek word nou drie-en-sewentig ..." en die professor gaan sit weer oorkant hulle, "... toe begin ek sommerso vir die lekker die familiegeskiedenis van die Wilkes navors, maar dié navorsing, jong, ek het mos die kennis, en jy weet hoe dit gaan, jy praat daaroor en mense sê hulle wil hulle stamregisters ook só navors, maar hulle weet nie hoe nie en hulle het nie tyd nie. En jy sê, maar laat ek help, want ek hou van rondkrap daar in die argiewe, en as jy jou weer kom kry, dan het jy 'n besigheid, dan betaal die mense jou vir jou navorsingsdienste, en jy kry 'n reputasie en die ding word al hoe groter. En natuurlik, omdat jy 'n professor is, omdat jy

gepubliseer het, jy het 'n oeuvre, jy's so bietjie bekend; mense vertrou jou, mense weet hulle kry die ware Jakob, hulle weet as jy sê dís hulle stamregister, dan is dit so. En my kleinseun maak toe vir my 'n webwerf, en die besigheid word gróót, ou Vaughn, jy sal nie glo hoe besig ek was hier in my aftrede nie, maar darem ook lekker geld gemaak, en kon kies en keur, so 'n voorreg om te kan kies en keur watter projekte jy wil vat ...”

Die professor skep asem en neem 'n slukkie koffie. Griessel en Cupido sê nie 'n woord nie, want hulle wil instinktief nie die man se momentum breek nie. Daar is iets meesleurend aan die manier hoe die heserige stem en die neus en die lewendige oë saam met die byna kinderlike lyfie 'n energie opwek, soos 'n dinamo.

“Nou goed, nou goed,” sê Marius Wilke, “so kry ek Julie verlede jaar die e-pos deur die webwerf. Het ek gesê dis by www.yourheritage.co.za? Dis my webwerf se naam, julle kan gerus so 'n bietjie gaan loer, my kleinseun het dit gemaak. So kry ek die e-pos van Alicia Lewis, en sy vra of ek die skrywer is van *Good Hope, 1488 to 1806*, dis nou die Engelse vertaling van my derde boek. En ek antwoord terug en ek sê inderdaad, inderdaad, en sy vra toe, doen ek nou vryskut-navorsing, en ek sê inderdaad, inderdaad. Toe stuur sy vir my die kontrak, en sommer heel voor ... Wag laat ek dit kry, net 'n oomblik, dit lê op my lessenaar, die kontrak, die swyggklousule ...” Hy spring weer op, 'n bejaarde kisduiweltjie in 'n bruin tweedbaadjie, en hy verdwyn in die gang af.

“Donald Duck,” fluister Vaughn Cupido, baie geamuseerd, en Griessel wil uitbars van die lag, want die beskrywing is so presies in die kol – die stem, die neus, die waggelende, kordate, windgat stappie, 'n krielhaantjie, 'n karikatuur-eendjie. Maar dan is hy terug, dokument in die hand, en Bennie sluk sy lag.

Die professor sit die kontrak op die koffietafel neer.

Wilke sê Alicia Lewis het hom eers hierdie ding laat teken, wat hom natuurlik baie nuuskierig gemaak het, wie sal nou nie nuuskierig wees nie, ou Vaughn, as iemand sê hier's 'n groot geheim? “Ek meen nou maar, ek is 'n historikus, geheime ontrafel is my besigheid, my passie.”

En toe teken hy maar, en toe bel sy hom persoonlik, hier, in hierdie huis van hom, en sy sê: Prof, ek wil hê jy moet in die Kaapse Argiewe gaan soek vir 'n verwysing na 'n skildery van Carel Fabritius.

Die prof sê die naam “Carel Fabritius!” soos 'n aankondiger by 'n boksgeveg wat weet hy gaan nou tamaai applous ontvang.

Dit is 'n ongemaklike oomblik, die doodse stilte wat volg. Die speurders reageer nie, want hulle het nog nooit van Fabritius gehoor nie.

* * *

“Wie?” vra Cupido.

“Fabritius,” se die professor met nadruk en verminderde verwagting.

“Ons weet nie wie dit is nie,” sê Griessel.

“*The Goldfinch*?” sê die professor, nog hoopvol.

Hulle skud hulle koppe.

“Donna Tartt?” sê die professor, maar sy stem verklap dat hy weet wat die reaksie gaan wees.

Hulle gesigte wys hulle het nog nooit van haar gehoor nie.

“Het julle al van Rembrandt gehoor?”

“Natuurlik,” verhelder Cupido. “Almal weet van Rembrandt.”

“Nou, Carel Fabritius was een van Rembrandt se leerlinge. Om die waarheid te sê, hy was die enigste Rembrandt-leerling wat regtig 'n styl van sy eie ontwikkel het. As jy my vra, was hy die beste van Rembrandt se leerlinge.”

“So hy's al dood?”

“Ja, natuurlik ...”

“Okay, prof, let's cut to the chase,” sê Cupido. “Hoekom is dit 'n groot ding, lat sy vir jou daai gevra het?”

“Wel, ten eerste, daar is maar net 'n paar Fabritius-skilderye oor in die wêreld, en die moontlikheid dat daar een in Suid-Afrika was ... Dit is fenomenaal. Maar meer nog, veel meer nog, ek het gaan soek in die argiewe. En toe kry ek 'n verwysing. Betroubare, betroubare bron, van 'n Fabritius-skildery, hier in die Kaap.”

12

“Cool,” sê Vaughn Cupido. “En wie het toe die painting?”

“Gysbert van Reenen,” sê die professor.

“Het jy ’n adres vir hom?” vra Griessel en haal sy notaboek uit sy baadjie, gereed om aantekeninge te maak.

Marius Wilke lag, ’n geluid wat so sterk aan ’n eend se gekwaak herinner dat Griessel en Cupido nie kan help om saam te lag nie.

“Ek hét ’n adres,” sê Wilke toe hy tot bedaring gekom het. “Papenboom in Nuweland. Daar is net een probleem. Julle is twee-en-’n-kwart eeue te laat.”

Hulle kyk net vraend na hom.

“Die verwysing na ’n Fabritius-skildery is in 1788 deur Louis Michel Thibault gemaak,” sê Wilke.

Die speurders frons weer.

“Hy is die een na wie Thibaultplein in die stad genoem is ...”

“Aaa,” sê Bennie Griessel.

“Okay,” sê Vaughn Cupido.

“Thibault was ’n argitek, invloedryk, wonderlike man, dis hy wat ... Ken julle Groot Constantia, daardie lieflike gewels?”

Die speurders knik.

“Nou, daar word geglo dit was Thibault se werk daardie ... Baie interessante man. Fransman, hoogs gekultiveerd, hoogs geleerd, en dapper ook. Hy was ’n soldaat toe hy in die Kaap aangekom het, in 1783, maar goed, goed, julle wil nie nou ’n lesing hê nie, nè, die belangrike ding is, Alicia Lewis het my gevra om te gaan soek na enige moontlike verwysings na ’n skildery van Fabritius, en ek het gedink, wat ’n mors van tyd, maar sy het in pond sterling betaal, en daarvoor sê mens mos nie nee nie, nie met dié wisselkoers nie. En waaragtig, daar kry ek dit. 1788. Thibault, wat vir Gysbert van Reenen ’n huis ontwerp en gebou het op Papenboom in Nuweland, en Thibault wat skryf in sy joernaal, hy was by die geselligheid met die daknatmaak van die huis, en hy sien daar teen die muur hierdie

wonderskone skildery, en die naam onderaan is C. Fabritius, en die jaartal is 1654. Kan jy dit glo? 'n Fabritius! Aan die Kaap! Dit is fenomenaal.”

Die speurders knik, maar sonder veel geesdrif.

Griessel kyk van sy notaboek af op: “Sewentien-agt-en-tagtig?”

“Ja,” sê Wilke, in verwondering.

“Prof, is dit waarom julle gepraat het, Maandagoggend oor breakfast? Oor 'n ding wat honderde jare gelede in 'n dooie ou se joernaal geskryf is?” vra Cupido.

“Onder meer. Ag, ons het so lekker gesels, sy was 'n fassinerende vrou, so interessant. O, ek het eintlik vir haar een van my boeke gevat, 'n getekende kopie, sy was 'n baie goeie kliënt van my ...”

“En dis al?” vra Griessel.

“Nee, nie heeltemal nie. Ek wou weet of sy die skildery kon opspoor, of sy toe die name opgevolg het wat ek vir haar gegee het.”

“Watter name?”

“Dis die ding, ou Bennie, dis die ding. Thibault het in sy joernaal geskryf die Fabritius-skildery was teen 1788 al 'n paar geslagte lank in die Van Reenen-familie. Meer as 'n honderd jaar. Oubaas van Reenen het vir hom gesê dit gaan elke keer na die oudste seun toe. Dit is toe alles in my verslag wat ek vir Alicia geskryf het. Toe laat weet sy omtrent dadelik vir my ek moet 'n stamregister doen. Ek moet probeer om Gysbert van Reenen se afstammeling na te spoor. Nou hoekom sou sy dit wou doen, ou Vaughn? Hoekom? Want sy wou uitvind waar die skildery nou is, ek is seker daarvan.”

“En wie het die skildery nou?” vra Cupido ongeduldig, want hy meen Donald Duck kon al lankal by dié punt uitgekom het.

“Ek weet nie,” sê professor Marius Wilke. “Die probleem is, erflatings na die oudste seun is nie altyd 'n eenvoudige ding nie. Die oudste seun sterf soms voor die ouers, daar's nie altyd seuns in die paternale lyn nie, daar is 'n paar dinge wat goed deurmekaar kan krap. Ek het vir haar nege moontlike name gegee, van mense wat nou leef, direkte afstammeling van die ou Gysbert van Reenen, wat dalk kon geërf het. As niemand dit verkoop het nie, natuurlik.”

“En toe?”

“Toe sê sy baie dankie en sy betaal my. En toe sê ek vir haar as sy ooit Suid-Afrika toe kom, moet sy tog vir my laat weet, dan gee ek vir haar een van my boeke, natuurlik geteken, want sy was my heel beste kliënt, sy was

nie skaam om te betaal nie. En toe hoor ek maande lank niks van haar nie, en toe verlede week, toe kry ek 'n e-pos en sy nooi my vir ontbyt in daardie wonderlike hotel.”

“Toe sê sy wie die skildery nou het?”

Die professor se gesig val. “Nee. Dit was vir my 'n groot teleurstelling. Sy't gesê dit lyk of die skildery ... of dit verlore geraak het.”

Hulle verteer dié inligting. “And that's it?” wil Vaughn weet.

“Wel, ons het darem 'n heerlike gesprek gehad, oor kuns en oor geskiedenis. Sy is 'n baie intelligente vrou, belese en berese en hoogs gekultiveerd. Hoogs gekultiveerd.”

“En toe?”

“Toe kom ek huis toe en gaan aan met my werk. En toe hoor ek vanoggend die nuus van haar dood.”

Hulle verteer dié inligting met teleurstelling.

“Het sy Maandag gesê waarheen sy wil gaan? Wie sy wil sien?”

“Nee, nie wat ek kan onthou nie. Sy't gesê sy wil net die Kaap so 'n bietjie ontdek, en my boek gaan dit 'n baie spesiale ervaring maak.”

“Het sy enigiets van Villiersdorp gesê?”

“Villiersdorp?”

“That's right.”

Die professor dink 'n oomblik. “Nee, glad nie ...”

“Het sy enigiets gesê van ander afsprake? Mense in Suid-Afrika wat sy ken?”

“Nee, niks.”

Griessel staan onwillig op, want hy het op meer gehoop. Dan val iets hom by: “Was enige van die name, daardie nege name wat jy vir haar gegee het ... was enigeen van hulle in Villiersdorp?”

“Ou Bennie, nee, jy verstaan nie reg nie. Sy het my net vir die name, die volle name gevra, en ID-nommers, as ek dit kon kry. Ek het nie ... Ek is nie gerat vir mense soek, adresse en sulke goed nie. Ek bestuur nie eens meer nie ...”

“Kan ons in elk geval die name kry?”

Die prof tel die dokument op die koffietafel op en gee dit vir Griessel aan. “Dis alles hier,” sê hy. “Die kontrak, die swyglousule, en die name. Ek kan die navorsingsmateriaal ook vir julle laat kry, natuurlik.”

Griessel neem die dokument. Cupido staan ook op. “Prof, wat skat jy sou só 'n Fabriek-skildery werd wees?” vra hy.

“Fabritius,” sê Wilke.

“Daai een,” sê Cupido.

“Dis presies wat ek haar ook gevra het. Toe sê sy dit hang natuurlik af van die toestand waarin dit verkeer. En of dit regtig bestaan, en of dit eg is. Sy’t gesê dis eintlik onmoontlik om ’n waarde daaraan te heg, dis ‘priceless’, dis die woord wat sy gebruik het. Toe vra ek haar, maar sê nou maar so iets kom op ’n veiling by Christie’s, wat dink sy sou so iets kon haal? Toe sê sy minstens vyftigmiljoen.”

“Sjoe,” sê Griessel.

“Dollar,” sê die professor.

“Slaat my ...” sê Cupido.

“Maar dalk nader aan honderdmiljoen.”

“Jissis,” sê Griessel en Cupido tegelyk.

* * *

Die prof stap saam met hulle motor toe. Hy sê: “Gaan julle die mense vang wat haar ... ?” Hy beduie weer daar in die rigting van die berge en die pas.

“Ons gaan ons bes doen, professor.”

“Julle moet wikkel, ou Bennie, julle moet wikkel. Voor iemand daardie skildery landuit smokkel.”

* * *

Hulle ry eers in stilte terug werk toe, eers met die N2, dan die R300, besig om die nuwe inligting te oordink.

Eindelik sê Griessel gelate: “Snaakse ou wêreld ...”

“Damn straight,” sê Cupido. “Honderdmiljoen dollar ...”

“’n Kwarteeu in die SAPD en ek kan nie twee-en-twintigduisend rand bymekaar skraap vir ’n verloofring nie, nie eens as ek my baskitaar én my amp verkoop nie. Maar daar’s ouens wat daardie soort geld kan hoes vir ’n skildery ...”

“’n Prentjie, Benna. Daai skildery is net ’n prentjie. A few brush strokes en ’n emmertjie paint. Van ’n dooie Hollander.”

“’n Honderdmiljoen dóllar.”

“Een-en-’n-halfbiljoen rand. That’s just obscene.” En dan voeg hy bekommerd by: “Jy gaan nie daai doen nie, Benna, gaan jy?”

“Wat?”

“Jou bass guitar verkoop.”

“Nee. Ek kan dit nie bekostig nie, want dan verloor ek die duisend-tweehonderd wat ek oor naweke uit die orkes se gigs maak. Ek het gedink as ek daardie geld kan spaar, kan ek oor vyf maande die ring kontant koop ...”

Cupido sug diep. Die lewe is baie onregverdig.

OceanofPDF.com

13

Hulle neem die Strandstraat-afrit. Die Saterdagoggend-verkeer het ontwaak en die fabriekswinkels se parkering by Access City is al stampvol. By die Stikland-begraafplaas sê Griessel: “Daar’s een ding wat my aanhou pla ...”

“Wat?”

Griessel neem ’n oomblik om sy kop agtermekaar te kry. “By Moord en Roof, een van my eerste sake ... Dis al amper twintig jaar terug, toe ons nog in Bellville-Suid was. In elk geval, ek het ’n moordsaak gedoen, ’n con man met die naam van Volmink se lyk is in die President-hotel in Parow gekry, drie of vier steekwonde. Dit was die eerste keer dat ek gehoor het van die seerowerkaart-scam – hierdie vervalste ou kaart wat kastig wys waar ’n groot skat begrawe is ...”

Cupido ken dit. Hy knik en sê: “X marks the spot ...”

“Dis reg. Volmink het ’n variasie daarvan gedoen – hy’t die mite versprei van ’n ou Engelse skip wat aan die Weskus vergaan het met baie goud. Hy het ’n varkboer van Kraaifontein net omtrent reg gehad om te belê in die ‘ekspedisie’, toe suip en praat hy die aand te veel in die President se kroeg, en een van sy drinkebroers glo ook die kaart is eg, en gaan klop toe aan sy deur met ’n mes ...”

“Jy dink hierdie storie van prof Donald Duck is ’n pirate map scam?”

“Ek ... Nee ... Dit voel net so, Vaughn. Honderdmiljoen dollar? Dit klink nie reg nie. Vir ’n prent van ’n ou wat ek nog nooit van gehoor het nie? En die toevalligheid ... Hoe het prof Duck gesê? Daar’s net ’n paar van sy skilderye oor in die wêreld. Wat is die kanse dat een in Suid-Afrika is. Ek meen ...”

“I hear you ... Dink jy The Donald is in op die scam?”

“Nee. Maar destyds met die Volmink-saak ... Hulle, die swendelaars, hulle praat van die eerste stadium van ’n con as die ‘fondasiewerk’, wanneer hulle die grondslag lê, die geloofwaardigheid bou. Volmink het iewers op ’n veiling ’n regte antieke kaart gaan koop. Die kaart was óúd, deel van sy fondasiewerk, want daai swendel werk net beter as jy iéts het

wat eg is. Miskien het Alicia Lewis vir prof Duck gekry om die geloofwaardigheid te verskaf, sonder dat hy geweet het wat haar planne is. Hy moes vir haar iets kry wat regtig gebeur het. Dalk het sy geweet van die geskiedkundige verwysing, dalk wou sy net hê hy moes dit ... Ek weet nie ...” En hy twyfel skielik in sy hele teorie.

“Nee, Benna, you just might be on to something. Hierdie auntie werk vir die great art recovery company, sy sien elke dag hoe hierdie crazy pryse betaal word vir prentjies, sy scheme hierdie rykgatte is almal so gullible, so eager, let’s create this myth, a painting worth a hundred million dollars ...”

“En toe dink iemand dit bestaan regtig ...”

“Exactly ...”

“Maar as jy dink die painting is regtig, en as jy dink net Lewis weet waar dit is: Hoekom haar dan met een magtige hou doodmaak en haar liggaam in die pas los ... ?”

“Shit ...”

* * *

Hulle besluit om weer vir Carol Coutts in Londen te bel, om haar versigtig uit te vra oor die swendelmoontlikhede. Hulle sit in Griessel se kantoor, al twee wat luister na die oproep. Sy antwoord, duidelik nog deur die slaap, en Griessel besef hy het al weer nie aan die tydsverskil gedink nie. Hy vra herhaaldelik om verskoning, maar sy sê dis onnodig, sy is gewoonlik veel vroeër op. Die nuus oor die dood van haar vriendin het haar egter baie sleg laat slaap.

Griessel stel Cupido telefonies aan haar voor. Dan sê hy hulle het nuwe inligting oor die saak en sou graag haar mening wou hê, maar hulle wil nie praat as dit ’n slegte tyd is nie.

Nee, sê sy, sy wil baie graag help. Sy wil duidelikheid hê, want die geheime wat Alicia Lewis klaarblyklik van haar weerhou het, is een van die goed wat haar nou wakker hou.

Hulle vertel haar, saam, om die beurt, van die oggend se gebeure. Soms moet hulle vra of sy nog daar is, dan sê sy net: “Yes.”

Wanneer hulle al die inligting van hul besoek aan professor Marius Wilke oorgedra het, is daar doodse stilte op die lyn.

“Are you there?” vra Cupido.

“Yes.”

Hulle wag, maar sy sê niks. Cupido hanteer nie stiltes goed nie. Hy vul hierdie een deur baie versigtig vir haar te vertel van hul teorie, die moontlikheid van 'n slenter, spesifiek die seerowerkaart-swendel.

“No,” sê sy met absolute sekerheid. Dan huil sy, en vra om verskoning, en huil verder. “Just a minute,” sê sy. Hulle kan hoor hoe sy die foon op iets neersit, en dan is dit stil, en dan volg daar 'n snuit, en nog een, die geritsel van hoe sy weer die foon optel, en weer eens vra sy om verskoning.

Dan sê sy: “This is actually a huge relief. Somehow. At least I know what she was doing. If she believed the Fabritius was real, there is a very, very strong possibility that it exists. You see, that period, those painters, the Baroque and Dutch Golden Era painters ... She was one of the true experts. Especially with regards to lost works ... And ... It's just that her relationship with art ... She would never ... I just don't think she would. I don't know, captain, perhaps I didn't know her as well as I thought, but my gut tells me this was definitely no scam.”

Cupido kan dit nie meer hou nie en vra of sulke goed regtig nog gebeur, of antieke skilderye wat iets werd is steeds gevind word?

Carol Coutts maak 'n geluid, sê dan: “Oh, yes,” en begin hulle vertel van die verlore Gauguin-stillewe wat skaars 'n jaar gelede in die Amerikaanse deelstaat Connecticut ontdek is. “It sold for more than a million dollars ...”

“But that's the point, ma'am,” sê Cupido. “This professor was telling us the Fabritius will sell for a hundred million dollars, which is just ridiculous.”

Nee, sê Coutts weer. In 2014 het 'n Fransman in die dak van sy ou plattelandse huis net buite Toulouse geklim om 'n lekkende waterpyp te herstel, en afgekom op 'n skildery wat later, in April 2016, geïdentifiseer is as 'n meesterwerk deur die Italiaanse skilder Caravaggio. En die hele kunswêreld verwag dat dit vir meer as honderd-en-twintig-miljoen dollar gaan verkoop. “Gauguin's picture of two Tahitian girls sold for three hundred million dollars in 2015,” sê sy. “*The Card Players* by Paul Cézanne went for almost two hundred and eighty million. Picasso's *Les Femmes d'Alger* sold for a hundred and seventy-nine million dollars ...”

“Jissis,” sê Cupido.

“That French guy who found the painting in the roof ... who will get the money when it's sold?” vra Griessel.

“The Frenchman,” sê Carol Coutts. “I know the ‘hidden fortune in the attic’ sounds like a scam, like a fairytale. But it happens. And more often

than you'd think. Have you heard of the Munich artworks?"

"No," sê hulle saam.

"In February 2012, German police found more than one thousand three hundred lost works of art in an apartment in Munich. They included works by Monet, Renoir and Matisse ..."

Van die name klink vir hulle bekend. "Cool," sê Cupido, en dan lui sy selfoon. Hy sien dit is sersant Lithpel Davids, sê: "Sorry," en maak sy foon stil.

Dit is asof Coutts nie die onderbreking gehoor het nie. Sy sê: "So here's what I ... I think Alicia ... I think what happened was that something came across her desk. Something about the Fabritius. Some sort of ... lead. Like when a detective ... You know. I mean, in a certain sense we're detectives too. We collect leads. We often have other people investigate them, but ... I think she got some sort of lead, and I think it was a solid lead. Solid enough for her to want to ... Look, she didn't like to talk about it, but her sister ... Alicia's mother is in the US ... The mom has been suffering from dementia for a while now, and her sister is a ... let's just say she's bit of a loose cannon. Prefers not to work too much, I gathered. So Alicia has been taking care of her mother financially, and you know how it is with medical costs, and specialty care, it's outrageously expensive. I just think Alicia saw an opportunity to pursue something ... in a more personal regard ... Something that would have made good money. I mean, I've thought about it, in this profession we've *all* thought about it ... Maybe she was struggling financially ..."

"So you really think it is real?"

"The Fabritius? I'm sure of it."

"Why?"

"Because Alicia was one of only three international experts on that era. And she was sceptical and smart and not easily fooled."

* * *

Hulle stap na Lithpel Davids in die IMC-lokaal. Toe hulle inkom, sê die sersant: "The bad news is, ek kry nie Alicia Lewis se email oop nie. If we had her phone ... But on the laptop I just can't crack it, cappie, sy gebruik die een of ander heavy-duty password, it's going to take a few days."

“Shit,” sê Cupido. “And the good news? Tell me there *is* some good news.”

“Ek weet met wie sy Maandagoggend gebreakfast het.” Baie selfingenome.

“Professor Marius Wilke.”

“Damn, how did you know that?”

“Ons speur, Lithpel, daai is ons job. Hoe’t jý geweet?”

“It was in her calendar, en die prof se email en telefoon en web address was in haar contacts. So dan weet julle van die PI ook?”

“Watter PI?”

“Het julle dan nie gespeur nie, cappie?”

“Watter PI, sergeant?”

“Dis een in Claremont ...”

“Claremont. Onse Claremont. Southern suburbs?”

“Damn straight, captain. Onse Claremont.”

“Wie’s die PI?”

“Billy de Palma.”

Cupido maak ’n vreemde geluid. Griessel sien sy kollega se gesig is strak en meteens bleek.

“Ken jy hom?”

“Jirre, Benna,” sê Cupido gedemp. Dan kyk hy na Davids: “Tell me you’re kidding me.”

“I kid thee not, kom kyk hier,” sê Davids en wys na die MacBook. Die speurders loop nader. Davids beduie met sy vinger na die skerm. In Alicia Lewis se contacts-applikasie is die inskrywing vir Billy de Palma Private Investigations, dan die webadres, e-posadres en ’n selfoonnommer.

“Wie’s Billy de Palma?” vra Griessel. Hy kan sien Cupido is ontsteld.

“Hoe het jy daai gekry?” wil Cupido by Davids weet.

“Ek kan ook speur, cappie,” sê Davids. “Ek het net gesearch deur haar contacts vir dot za emails, en vir plus twenty-seven telephone country codes, and there he was. Billy de Palma. And the professor, of course. Only two South Africans in her database, as far as I can see.”

“Billy de fokken Palma,” sê Cupido, sy hande aan die rand van die lessenaar, die kneukels wit.

“Wie is Billy de Palma?” vra Griessel weer geduldig.

“Hy’s die een wat vir Alicia Lewis doodgemaak het, Benna,” antwoord Cupido en loop deur toe. Hy steek vas, draai terug. “Hy is ’n fokken

psychopath, ek sê nou vir jou. Ek dink ons moet vir majoor Mbali gaan sien. Nôú.”

OceanofPDF.com

14

Griessel paai eers, sorg dat Cupido kalmere voor hy vra: “Wie is die ou?”

“Maybe ken jy hom, Benna, ma’ Billy de Palma is nie sy regte naam nie. Daai is net wat hy sy company roep: Billy de Palma Private Investigations. Dis camouflage. Onthou jy die ANC bigwig, former deputy premier of the Western Cape, wat hulle vir DUI gevang het? Sewe, agt jaar terug, die een wat amper die breathalyser record gebreek het vir inebriation. Hy’t ’n Porsche Cayenne gery, lekka’ op die soustrein ...”

“Tony iemand ... ”

“That’s the one. Tony Dimaza. Onthou jy? Toe verloor hulle die evidence vir die DUI, hie’ by die SAPS station Cape Town.”

“So vaagweg,” sê Griessel. Want dit was in die tyd toe hy meestal gesuip was.

“All fingers pointed to a detective called Martin Fillis. Jy’t gehoor van hom?”

“Klink bekend ...”

“Martin Reginald Fillis. Piece of work. Piece of shit. Narcissist, a psycho, real arsehole. We go way back, ek was nog nat agter die ore by die Drug Squad, en hy was my senior, toe al ’n inspector. I didn’t like him from the start. Creepy, ek weet nie, hy’t sulke oë, Benna, there’s no life there. En almal sê jy mess nie met hom nie – hy’s ’n groot ou, en hy’s some sort of martial arts expert wat in die naweke in fight in ’n cage. Anyway, daardie tyd, ’n prostitute in Seepunt wat by die charge office aankom, pimpel en pers, some sick fuck worked her over really badly, en sy sê sy wil ’n saak maak, dis Fillis wat haar só geslaan het toe sy nie ’n freebie wou gee nie. Hoe slaan jy ’n arme vrou só?”

Griessel kan sien Cupido onthou dinge wat hom ontstel, maar dan skud sy kollega dit af en gaan voort.

“In any case, Fillis het toe ’n alibi, een of ander van sy civilian buddies wat hoog en laag sweer hulle was by mekaar. Toe gebeur daar niks, but a lot of us knew it was him ... ’n Paar jaar later, toe’s Fillis ’n detective by

Caledon Square, en toe's dit die Tony Dimaza-ding. DUI evidence raak net weg, Fillis was the main suspect. Iemand het hom gesien in die evidence lock-up, hy kon nie 'n twintigduisend-deposit in sy bank account explain nie, en sy selfoon het gewys hy't 'n call van Dimaza af gehad twee dae voor die evidence weggeraak het ... Toe gee hulle hom 'n full investigation en 'n disciplinary hearing, I think the Service really wanted to get rid of him, en hy't geweet hy gaan nie loskom nie, toe spaar hy almal die embarrassment en hy resign. Toe gaan hy en begin 'n PI-besigheid. En oorlat hy skaam is vir sy perfectly decent coloured van, en oorlat hy bang was sy corrupt reputation haal vir hom in, en seker om fancy en wit en continental te klink, toe gaan roep hy sy company Billy de Palma Private Investigations. Hy kon nie 'n licence hie' in die Kaap kry nie, hulle sê hy moes een in die Vrystaat gaan haal, by sy corrupt politician buddies."

"Okay," sê Griessel, "maar hoe weet ons dis hy wat vir Alicia Lewis vermoor het?"

"Number one: een hou met 'n pyp, Benna. Een verskriklike hou. Dit vat 'n groot ou, 'n sterk en vinnige ou. 'n Ou wat kán slaan, want hy't martial arts gedoen, lang jare. Number two: body washed with bleach. Daai wys dis 'n ou wat weet van forensics, van DNA en bloed en chemicals. Soos 'n ou wat 'n detective in die SAPS was. Number three: Da' is sy naam in Alicia Lewis se contacts. The only PI on the continent to have that honour. Number four: Wat maak jy as professor Donald Duck vir jou nege name gee van possible owners of a very expensive painting, ma' jy sit in die Londen in en jy wil daai nege mense trace? Jy soek vir jou 'n private eye. Jy gaan google vir private investigators en jy contact die eerste een wat reputable lyk, en jy sê, go find these people. En dis wat hy gedoen het. Hy het die nege vir haar gekry, en hy het die een met die painting gepinpoint, en dis hoekom sy haar job geresign het en Kaap toe gekom het. Number five: Ek sê nou vir jou, as Martin Fillis daai painting gekry het, he won't hesitate for one second. He'll kill her in cold blood, en hy sal try om daai painting te verkoop. I've looked into that man's eyes, en ek sê nou vir jou, hy sal moor. Ma' dis number six, Benna, wat vir my die dead giveaway is: Wat het prof Donald Duck gedoen, the moment he realised Alicia Lewis was killed? Hy't gedoen wat enige normal, innocent, upstanding citizen sou gedoen het. Hy't vir ons gebel. En Martin Fillis? Don't tell me he doesn't know about the murder. Dis op die TV en die radio en die internet, dis op die posters op die lamppale, elke koerant se voorblad, dit was op die *Son* se voorblad, for

God's sake, Martin Fillis sal die *Son* lees, elke dag, I guarantee it. So, dis hoe ons weet hy's ons man, Benna. Kom, ons moet na major Mbali toe gaan, want ons sal baie clever moet wees met hierdie psycho. Hy ken al die tricks of the detective trade, hy het van Maandag af baie tyd gehad om sy tracks te cover, he's probably all lawyered up and alibi-ready. We're going to need all the help we can get."

* * *

Ondanks Griessel se effense ongemak oor Cupido se sekerheid, doen hulle hul huiswerk, hulle bespreek hul teorie en maak hul planne.

En midde-in alles bel John Cloete en sê vir Bennie daar het 'n halfuur gelede 'n berig op die *Guardian* in Brittanje se webblad verskyn wat Alicia Lewis identifiseer as een van die groot internasionale kenners van die Hollandse Meesters. Die berig vra ook vrae oor Lewis se skielike bedanking by Restore, en waarom sy so kort ná haar bedanking na "gevaarlike Suid-Afrika" gekom het vir 'n vakansie.

"Nou soek die hele wêreld kommentaar, Bennie. Het julle enigiets?"

"Die ondersoek is in 'n sensitiewe stadium," sê Griessel.

Cloete sug. Hy is die geduldigste man wat Bennie ken.

* * *

Hulle bel vooruit, en daarna ry hulle na Oakglen in Bellville, waar majoor Mbali Kaleni in 'n meenthuis bly.

Sy ontmoet hulle by die hek. Kaleni dra 'n donkerbril, breërandhoed op die kop. Haar tuinhandskoene is met modder bedek en sy ruik na vars grond en parfuum. "I'm planting a cabbage tree," sê sy.

In gewone omstandighede sou Cupido se gesig wys hy vind dit óf amusant óf irriterend, afhangende van sy bui, want Griessel vermoed nie een van hulle twee het al ooit aan hul Zoeloe-bevelvoerder as 'n bedrewe – en oordrewe aangetrekte – Saterdagoggend-tuinier gedink nie.

Maar Vaughn is ernstig. "Thanks for seeing us, major," sê hy. "We've got our guy, but we need your help ..."

Sy nooi hulle binne, bied groentee aan, of yswater met komkommer en suurlemoen; hulle sê baie dankie, maar nee dankie.

Cupido vertel vir haar alles wat hulle weet. Sy luister aandagtig, en toe hy klaar is, gee sy haar beroemde frons en vra: "But why would the Lewis

woman choose *him*, this Fillis person?”

“We were wondering the same thing, major,” sê Cupido, “so we did a test. We googled the words ‘Cape Town Private Investigator’. His agency, Billy de Palma Investigations, was right at the top of the search results, next to a little green logo that says ‘Ad’. Sergeant Davids says that’s because Fillis buys those keywords from Google, it’s called AdWords. And we had a look at his website too. It is very professional. Big photo of him. He’s this big, very handsome guy, that’s how he fools a lot of people; he *looks* trustworthy on a photograph. And the website says he’s a former detective inspector with the SAPS. She would have thought he’s the perfect guy for the job.”

“I see,” sê Kaleni. “Okay. What have you come to ask me?”

“He’s sly and he’s smart, so we want to hit him very hard, major. We don’t want him to know we’re coming. We want to bring him in for questioning, but we want to do it in a way that will prevent him from reaching his lawyer. We’re going to need backup, because he’s a violent man and he’s big. We want to tape the interrogation, so that his lies can be on record from the start. We want search warrants for his office and his home, and a 205 for his cell phone records – we want Philip and his team to do a spider web.”

’n Subpoena volgens artikel 205 van die Strafproseswet dwing selfoonmaatskappye om aan die Valke iemand se volledige rekords te verskaf. Kaptein Philip van Wyk en sy span by IMC gebruik dan spesiale programmatuur om al die oproepe met mense te verbind – die sogenaamde spinnerak wat wys met wie Fillis kontak sou gehad het.

Kaleni skud haar kop. “Captain Cloete called me ...”

Griessel kan sien hoe Cupido se skouers sak. Want as die majoor weet hoe groot, hoe internasionaal die mediabelangstelling is, gaan sy nog meer konserwatief en versigtig as gewoonlik wees.

“We will have to be very careful.”

“Yes, major.”

“You don’t have enough to justify the search warrants.”

Hulle het dit geweet, maar hulle ken ook vir Kaleni – agter die frons is daar ’n onwrikbare lojaliteit en ’n behoefte om haar mense te ondersteun. Gee haar iets om voor nee te sê en dan is die kanse goed dat sy ander versoeke sal goedkeur.

“Okay,” sê Cupido met valse teleurstelling.

“But I’ll sign the 205 application. And we’ll get uniform backup for the apprehension.”

“Thank you, major.”

* * *

Hulle wil Fillis alleen en in die openbaar konfronteer. Daarom bel Cupido die selnommer op Billy de Palma Private Investigations se webwerf.

’n Man antwoord en Cupido herken die stem. Hy knik vir Bennie, gee die foon vir hom.

Griessel stel homself voor as “Ben Barnard”. Hy “meneer De Palma” die man voor en agter, probeer verslane en desperaat klink, sê hy wil hom dringend kom sien, want hy is seker sy vrou is ontrou, en sy gaan vanaand uit, en iemand moet haar asseblief agtervolg, “ek gee nie om wat dit kos nie, asseblief, kan ek jou in die Spur kry, daar’s mos ’n Spur daar naby julle kantore, die een daar langs Cavendish Square, kan ek jou daar kry, dan gee ek vir jou cash, sê net hoeveel jy nodig het ...”

En dan hou hulle asem op om te hoor wat hy sê.

Die kontant wat Griessel aanbied is die geelwortel, sou Fillis op ’n Saterdagoggend onwillig wees om kliënte te sien. Want kontant hoef nie deur die boeke te gaan nie, dit is nie onderhewig aan verkoops- en inkomstebelasting nie.

Hulle wag. Fillis sug en sê dan eindelijk: “Okay. Meet me at half past twelve. I’ll be in the smoking section, in a Stormers jersey.”

15

Majoor Mbali Kaleni skakel die stasiebevelvoerder van die SAPD in Claremont, wat moet raap en skraap, want dit is die middel van die dag, die meeste van sy uniforms begin eers laatmiddag hul skof om die onheile van 'n Saterdagagaand te polisieer. Hy sê hy kan net vier mense afstaan.

Griessel en Cupido ontmoet hulle om 12:33 voor die Rodeo Spur Steak Ranch. Griessel stap eers in om seker te maak Fillis is al daar. Hierdie tyd van die dag is die restaurant 'n jillende, kleurvolle massa van minstens drie kinderpartytjies.

Griessel sien vir Fillis in die rookafdeling sit. Soos belooft het hy 'n Stormers-trui aan; die lelike skelgeel-en-rooi van die rugbyspan se borg vang dadelik die oog. Hy draai om, gaan haal vir Cupido en die uniforms. Hulle marsjeer tussen die kinders deur.

Fillis sien hulle kom. Sy gesigsuitdrukking wys hy herken vir Cupido en besef dié optog is op pad na hom toe. Sy oë flits net 'n oomblik lank deur se kant toe, sy enigste ontsnaproete.

Dit is wanneer hulle wéét hy is hul skuldige.

Fillis staan op net voor hulle by sy tafel kom. Sy oë is op Cupido gerig en hy sê: “Hallo, Vaughn. Nog steeds die grootste windgat in die Valke?”

Griessel sien hoe groot die man is; die rugbytrui span oor die kragtige skouers.

“Martin Reginald Fillis, ons het rede om te glo jy kan inligting verskaf in verband met die moord op Alicia Lewis.”

Geen reaksie nie.

“Ons het rede om te glo jou selfoon bevat getuienis wat jou aan Lewis sal koppel. Oorhandig dit, asseblief.”

Fillis kyk takserend na die uniforms, een van hulle met 'n paar boeie in die hand. Hy draai na Griessel en Cupido en sê: “Fok jou, Vaughn.”

“Ek gaan jou nog een keer vra vir jou selfoon,” sê Griessel. “Of gaan ons kyk na 'n arrestasie vir dwarsboming?”

Die hele restaurant se oë is nou op hulle. Fillis wik en weeg eers, druk dan baie stadig sy hand in sy sak, haal die foon uit. Bennie hou 'n plastiek-bewysakkie oop. Fillis laat die selfoon daarin val.

* * *

Vir langer as 'n halfuur, op pad na die DPMO se kantore, sê die speurders nie 'n woord nie. Fillis sit agter. Hy praat net een keer, wanneer hy vra: “Is jy nie Bennie Griessel nie, die Valk wat so suip?” Toe hy geen reaksie kry nie, steek hy 'n sigaret aan en blaas die rook deur die metaalrooster tussen hulle. Hulle weet hy wil hulle uitlok, en ignoreer dit. Fillis staar by die venster uit en vryf met sy hand oor die gemanikuurde lyne van sy bokbaardjie.

Met die uitklim is daar 'n oomblik dat Fillis sy arm uit Griessel se greep ruk, en Cupido vat aan sy dienswapen en sy boeie. Maar dan ontspan Fillis. Hy loop tussen hulle in die lang, Saterdag-stil, donker gange van die Valkegebou, tot in die ondervragingskamer. Almal gaan sit, elkeen ken sy plek.

“Fok julle,” skiet Fillis die openingsalvo. “Ek praat nie sonder my prokureur nie.”

Hulle het geweet hy sal dit sê.

“Jy kan sonder jou prokureur met ons praat, of jy en jou prokureur kan saam-saam met die media praat,” sê Griessel.

Fillis grynslag en skud sy kop. “Jirre, Vaughn, jy's nog meer stupid as wat ek onthou. Dit was julle beste plan? Kry my by die Spur met 'n brilliant con, and then I'll shit my pants in front of all the little kiddies and spill the beans? Dis die beste wat julle Hawks kan doen? Really?”

“Spill the beans about what, Martin?”

“Whatever.”

“Waar was jy Maandag, Martin?” vra Griessel.

“Vra my prokureur.” Fillis haal sy sigarette uit en steek een aan, ondanks die feit dat daar geen asbakkie op die tafel is nie.

Griessel weet dit is 'n gebaar. Taktiek. Hy ignoreer dit. “Waar was jy Maandag, Martin?”

“Vra my prokureur. And go fuck yourself.”

“Kom ek sê jou wat ons beste plan is, Martin,” sê Griessel. “Ons beste plan is om jou die kans te gee om ons alles te vertel. En as jy nie wil nie, dan sê ons vir die media jy is ons nommer-een-verdagte ...”

“Billy de Palma. Was jy skaam om ’n coloured te wees, Martin?” vra Cupido.

Geen antwoord nie.

“You see, Billy-boy,” sê Cupido, “ons weet hoe precious jou Billy de Palma *brand* is. Ons weet van jou Google AdWords. Ons weet jy het heavily invest om die nommer-een-agency te wees, as iemand ’n PI in die Kaap op die internet in soek.

“So, ons beste plan is lat die koerante en news sites almal ’n article of twee skryf oor jou en jou agency, and how you might or might not be involved in the killing of Alicia Lewis ...”

“Die *Guardian* skryf al oor die saak,” sê Griessel.

“Daai is ’n groot Britse koerant ...” merk Cupido op.

“Ek weet wie die *Guardian* is ...” sê die man ergerlik.

“Dan sal jy weet, as voornemende kliënte volgende week op Google vir ’n PI in die Kaap gaan soek, wat hulle gaan kry,” sê Griessel.

“Of volgende jaar,” sê Cupido. “Of oor twee jaar, that’s the problem with the damn interwebs, Billy-boy, all that info doesn’t go away. It comes back to haunt you ...”

“Dan sien hulle jou AdWords op dieselfde bladsy as al die skakels na nuusberigte wat sê jy is dalk ’n moordenaar of dalk nie,” sê Griessel.

“And we’ll tell the media about your past, en hulle sal daai ook insit, they love that kind of shit. And they’re going to stop calling, Billy-boy, al daai kliënte met errant husbands,” sê Cupido.

“Al daardie AdWord-geld gemors,” sê Griessel.

“Jy sal ’n nuwe job moet gaan soek, want jou agency is dead as a dodo. But horror of horrors, Billy-boy, mense gaan weet jy’s ’n fraud. ’n Skelm. ’n Two-bit, second-rate, corrupt ex-cop, a beater of prostitutes, a killer of defenseless women.”

En dit is hulle beste plan, hulle dobbelspel: dat Fillis sal besef hy moet vir hulle iets gee, as hy sy agentskap se naam uit die media wil hou. Hulle het geen idee of dit gaan werk nie, maar Cupido glo vas narsiste is baie bang hulle word in die openbaar verneder.

Hulle hou hom met arendsoë dop, hulle wag. Hy sit soos ’n sfinks, sy oë starend na die glas van die observasievenster.

Eindelik: “Ek weet nie waarvan julle praat nie.”

Cupido snork geamuseerd. “We’re plotting your cell phone as we speak. Ons het ’n twee-nul-vyf gekry, ons gaan al jou calls trace. Wat gaan jy dan

sê, as ons kan prove jy het met Lewis kontak gehad?”

Geen antwoord nie.

“Dis ’n kwessie van tyd voor ons haar e-pos oopmaak ... Help jouself. Sê vir ons, waar was jy Maandag?” vra Griessel.

’n Lang stilte voor Fillis sê: “Ek sal op my calendar moet kyk. Gee my foon.”

Griessel skud sy kop. “Jy weet presies waar jy Maandag was.”

Fillis vou sy arms voor sy bors.

“Have it your way,” sê Cupido. “Benna, bel gou die media liaison officer.”

Hy haal sy foon uit en bel vir Cloete. Die skakelman antwoord vinnig. Griessel sit die foon se luidspreker aan.

“John, ons is reg om ’n arrestasie te maak, jy kan maar die media laat weet die verdagte is Martin Reginald ...”

“Okay,” sê Fillis skerp en haastig.

“What’s that?” vra Cupido.

“Okay, ek sal praat.”

“Sonder jou prokureur?”

Fillis knik, sy rug reguit, sy nek styf, ’n man wat verbete aan sy waardigheid probeer klou.

“Jammer, John, lyk my ek was te haastig,” sê Griessel en beëindig die oproep.

16

Fillis sweer hoog en laag hy het geen kontak met Alicia Lewis gehad nie, nie Sondag óf die dag daarna nie. Hy het haar nog nooit in sy lewe persoonlik ontmoet nie. Die laaste wat hy van haar gehoor het, was langer as twee maande gelede.

“So, ons plot jou selfoon en dit gaan wys jy was Maandag nêrens naby haar nie?”

“Ek weet nie waar sy Maandag was nie.”

“Begin by die begin,” sê Griessel. “Wanneer het sy jou gekontak?”

Fillis vertel sy storie met ontwykende oë en aggressiewe, kort sinne. Hy sê hy het verlede jaar in November uit die bloute ’n e-pos van haar ontvang. Daarin het sy hom eers net gevra om te bevestig dat een van sy spesialiteite die opspoor van mense is, soos sy webwerf beloof. Toe antwoord hy “ja”. Toe vra sy in ’n opvolg-e-pos of hy ook bereid sal wees om ’n vermiste artikel te help opspoor, wat moontlik in een van nege mense se besit kan wees. Toe laat weet hy dat sy vaardighede ook dié diens insluit. Alicia Lewis het hom die volgende dag uit Londen gebel, ’n verkennende gesprek oor sy agtergrond en sy tariewe, hy dink dit was om hom te peil. Sy was skynbaar tevrede, want toe stuur sy vir hom ’n kontrak met ’n uitgebreide swygzakke. Hy het dit geteken en teruggestuur, en toe kom die nege name.

“Toe het jy al geweet wie sy is,” sê Cupido.

“Hoe sal ek weet, Vaughn?” vererg hy hom vir die insinuasie.

“Want ek ken vir jou, Billy-boy. Jy sou haar teen daai tyd al lankal gegoogel het. Jy sou geweet het dié auntie werk met heavy-duty paintings, as sy iets soek, is dit groot geld. Toe het jy al begin scheme ...”

Fillis vloek op Cupido en dié maak ’n snorkgeluid. Hulle heen-en-weer oor die regverdigheid van Cupido se stelling, tot Griessel sê: “En toe spoor jy die mense op?”

“Natuurlik het ek hulle opgespoor. Ek is die beste PI in die land.”

“Never believe your own press, Billy-boy. En wie het toe die skildery gehad?”

“Die boer van Villiersdorp.”

Hul ore spits, hul polsslag versnel, maar hulle is te ervare om Fillis te laat sien dit maak hulle opgewonde.

“Watter boer van Villiersdorp?”

“Vermeulen. Willem Vermeulen. Senior.”

“Hoe weet jy daai, Billy-boy? Hoe weet jy?”

“Ek het hom gevra. Toe sê hy ja, hy’t die painting al gesien. Toe vra ek waar, en toe sê hy dis nie my besigheid nie ...”

“Nou hoe kon hy sien watter painting jy soek?”

“Ek het vir hom ’n foto gewys?”

“Watse foto?”

“Die een wat Lewis vir my gestuur het.”

“’n Foto?”

“Is jy doof?”

“Hoekom het jy nie netnou al gesê sy’t ’n foto gestuur nie?”

“Julle het my nie kans gegee nie,” sê hy met ’n grynslag vir dié klein oorwinning.

“As jy wil games speel, Billy-boy, kan ons ook games speel. Benna, ek het jou gesê hy’s ’n piece of shit. Let’s call the media and be done with it. Hy gaan die hele tyd try jakkalsdraaie maak ...”

“Dit was net so ’n stukkjie van die painting,” sê Fillis geïrriteerd. “Sy het eers die nege name gestuur. Toe kry ek agt van hulle. Die een vrou was dood, Augustus verlede jaar in Pretoria, but that didn’t matter eventually. Toe stuur ek die agt adresse vir haar. Toe stuur sy die foto van die painting met email saam. Net so ’n stukkjie van die hele painting, it turns out. Van ’n vrou se gesig. ’n Vrou in ’n cape.”

“’n Cape? Wat meen jy? Soos in Cape Town?”

“Nee, ’n cape soos in Superman.”

* * *

Griessel vra waar die foto is en Fillis sê dis in sy e-pos op sy foon. Griessel haal die private speurder se foon uit sy sak en navigeer volgens Fillis se instruksies na die Gmail-applikasie, die regte lêer en die regte e-pos. En dan sien hulle die foto van ’n stukkjie van ’n skildery, die kop en skouers van ’n

vrou. Haar donkerbruin oë kyk reguit na hulle. Sy glimlag nie, maar dit is asof haar mond gereed is om dit te doen. Daar is 'n sagtheid aan haar blik, 'n deernis, kennis. Hulle kan nie ophou kyk na haar nie, die mooi, rooi lippe, die neus wat nie fyn is nie maar tog reg vir die gesig, die gladde, bleekwit vel, die ligbruin hare wat van haar gesig af weggebind is, dalk omdat dit dreig om 'n waterval van klein krulle te maak. 'n Aantreklike vrou.

Maar die voorwerp wat Bennie Griessel die woorde laat sê, is die mantel om haar skouers. Dit lyk op dié stukkie van die skildery of die mantel die enigste kledingstuk is wat sy aanhet. Maar dit is die kleur wat hom inspireer.

“Die vrou innie blou,” sê hy.

“Exactly,” sê Cupido.

“Wat?” vra Fillis.

Cupido se foon lui. “None of your business, Billy-boy,” sê hy terwyl hy die foon uit sy sak uit haal. Hy ken nie die nommer nie, maar antwoord, en luister dan. Hy sê: “Okay, okay. Watter pad is dit? Okay, baie dankie, bel asseblief vir PCSI.”

Hy lui af en sê vir Griessel: “Grabouw-stasie het haar kar gekry. Die rental. Op die berg anderkant Grabouw, op pad Villiersdorp toe. Stink vreeslik na Jik. Nou het ons vir jou, Billy-boy. Nou sit jou turf.”

* * *

Hulle bel majoor Mbali Kaleni en sê hulle het genoeg vir die deursoekingslasbriewe, vir Fillis se kantoor en huis. Hulle vra vir versterkings. Hulle vra spesifiek vir kapteins “Mooiwilliem” Liebenberg en Frankie Fillander, om die ondervraging van Martin Fillis voort te sit. Want dié twee is ook die naweek aan diens en is altyd gewillig, en Griessel-hulle weet dit sal Fillis-die-narsis eindeloos irriteer as 'n aantrekliker ou soos Liebenberg – 'n man wat bekendstaan as die George Clooney van die Valke – sy tyd kom sit en mors. En “Uncle” Frank Fillander is die lid van die Ernstige en Geweldsmisdaadspan met die meeste ervaring en mensekennis.

Dit neem hulle amper 'n uur om Liebenberg en Fillander volledig op hoogte van die saak te bring. Hulle vra ook dat die twee kollegas die ondervraging van Fillis so lank moontlik moet probeer uitrek, terwyl hulle na 'n plaas by Villiersdorp ry.

Dan vat Griessel en Cupido die N2, oor Sir Lowryspas, en deur Grabouw. Hulle bel vir Jimmy, die lang, skraal lid van die PCSI, vir aanwysings na waar Alicia Lewis se gehuurde Toyota gevind is.

“Wat die R321 uit Grabouw uit en ry Theewaterskloofdam toe, vir so twaalf kilometer. Die hek is regs teen die berg uit, daar staan ’n SAPD-bakkie en twee konstabels ...”

Hulle sien nie die asemrowende natuurskoon nie, die blou plaasdamme, die diepgroen dennewoude en grys rotsformasies van die ruwe berge. Hulle bespreek en oordink die saak, soek die polisievoertuig, kry dit, en draai af. Dit is ’n plaashek met ’n klein bordjie, half versteek agter plantegroei, wat sê: *Groenlandberg Nature Reserve. No entry.*

Die konstabels sê hulle het gereageer nadat ’n veldwagter van die reservaat die aanklagkantoor op Grabouw gebel het oor die Toyota wat daar staan.

“Was dié hek gesluit?” wil Griessel weet.

“Nee, kaptein, dis nie gesluit nie.”

“Is Forensies al hier?”

“Ja, kaptein, net ’n honderd meter in.”

Hulle stap. Dit is ’n ruwe tweespoor-grondpaadjie, kronkelend berg-op. Hulle sien eers die wit bussie van Forensies, dan vir Dik en Dun, besig met Alicia Lewis se gehuurde grys Toyota. Die voertuig se deure, katebak en enjinkap is oop. Dik en Dun sien die speurders en kom nadergestap. Hulle is vol van hul gewone kwinkslae en kla omdat hulle die Stormers se wedstryd teen die Cheetahs gaan misloop.

Arnold, die kort dikke, sê die Toyota is van voor tot agter skoongevee van vingerafdrukke. Die binnekant is só erg met bleikmiddel gewas dat dit gate in die matte en bekleedsel gevreet het. Hy sou self nie ’n beter taak kon verrig het om forensiese spore uit te wis nie.

“My point exactly,” sê Cupido. “Dis ’n ou wat geweet het wat om te doen.”

* * *

Die plaas se naam is Eden. Die mooi ou opstal lê hoog teen die berge oos van die dorp en die uitsig oor die Theewaterskloofvallei is skouspelagtig.

Toe hulle voor die deur stilhou, kom drie groot honde blaffend van die stoep af aangedraf; hulle word stertswaaiend na die oop voordeur begelei.

Lui die klokke. Rugbykommentaarklanke is van diep binne die huis hoorbaar. Eindelik is daar swaar voetstappe op die plankvloer en 'n man verskyn in die voorportaal – 'n groot man, in sy veertigs, met dik voorarms en massiewe hande.

“Goeiemiddag,” sê hy. “Kan ek help?”

“Ons is van die polisie. Die Valke. Ons is hier oor die skildery,” sê Griessel.

Die man in die donker sweetpak en pantoffels staan doodstil. Hy kyk eers uitdrukkingloos na hulle, sug dan asof hy verlig is. Hy steek 'n groot hand uit. “Junior Vermeulen.”

Hulle skud blad, stel hulself voor. Griessel sê: “Ons is eintlik op soek na Willem Vermeulen senior.”

“Dis my pa. Maar nee, julle soek vir my. As dit oor die skildery is, soek julle vir my.”

* * *

Hy nooi hulle in, roep dieper die huis in: “Hier’s mense, vrou; sit sommer af daai TV, die WP gaan in elk geval verloor!” Hy laat hulle in die gang af stap waar volgepakte boekrakke tot teen die plafon strek, laat hulle in die formele sitkamer op groot, klassieke ou stoele sit.

Die TV se klank gaan af en ligter voetstappe kom nader. Die vrou is mollig en mooi, met diep kuiltjies wanneer sy glimlag. Sy vat-vat aan haar hare voordat sy sê: “Ekskuus, ons het nie mense verwag nie. Ek is Minnie.”

“Hulle is hier oor die skildery,” sê haar man.

“Hoog tyd,” sê sy. “Wat sal julle drink?”

Dit neem 'n rukkie voor bestellings geplaas is en die drie mans weer gaan sit het.

“Het julle nuus?” wil Junior Vermeulen weet.

Die vraag betrap hulle onkant. Cupido vra: “Hoe bedoel u?”

“Nee, as julle hier is, het julle seker nuus, neem ek aan?”

“Nuus waarom, meneer Vermeulen?”

“Oor die skildery. Dis mos hoekom julle hier is.”

“Ons is hier oor Alicia Lewis.”

“O?”

“U ken vir Alicia Lewis?”

“Ja, ja, sy was Maandag hier,” sê hy ietwat ongeduldig. “Wat is nou die probleem met haar?”

Hulle kyk na mekaar, dan terug na hom. “Sy’s dood, meneer Vermeulen,” sê Griessel.

“O, Koot,” sê die boer. “Hoe?”

“Het jy nie die nuus gesien nie, meneer Vermeulen?”

“Nee wat, ek kyk nie meer nie. Dis elke dag net dieselfde slegte nuus. Hoe is sy dood?”

“Sy’s Maandag vermoor ...”

“O, Koot!” Vermeulen kom meteens orent, sodat die speurders skrik en na hul dienswapens vat. Maar hy draai sy rug op hulle, gaan staan by die deur en roep kombuis se kant toe: “Vrou, hulle sê die Lewis-vroumens is dood! Maandag, nogal! Vermoor!”

“Nee!” roep Minnie Vermeulen terug, en dan klink haar voetstappe haastig op soos sy aankom.

Sy vra hoe en waar Alicia Lewis vermoor is. Daar is kommer en verwarring in haar stem. Haar man probeer haar paai en stilmaak. Sy huil ’n bietjie, sê dan: “Die arme vrou. Dis my skuld, dis my skuld.”

Haar man troos haar: “Nee, nee, dit is nie.”

Eindelik sê Griessel vir hulle: “Kom sit, asseblief.”

“Vrou, ek dink dis beter dat die waarheid nou uitkom,” sê Vermeulen.

“Ja,” sê sy sag.

“Wil julle nie saam met ons loop nie?” vra Vermeulen.

“Waarheen?”

“Ek wil vir julle die skildery wys.”

12 Oktober

Hulle is net 'n paar honderd tree agter hom. Hulle word nie moeg nie, asof hulle demone is.

Hy loop Delft binne ná tien, hy is nie seker van die tyd nie, hy wil met die Oud Langendijk langs na die Groote Markt, dalk kan hy hulle daar ontglim, as sy bene en sy asem hou, hy kan nie meer nie, dis nou of nooit, hulle is te naby, hulle is vier, hulle word nie moeg nie. Vir die eerste keer oorweldig die paniek hom, sy asem jaag al hoe vinniger en hy sien hoe hulle die dolke in hom sal steek, hoe sy bloed sal spat en spuit soos dié van 'n geslagte skaap. Hy wil skree, hy begin hardloop, hy moenie, dis te vroeg, hy moet sy kragte spaar, hy moet wag vir die skares by die Groote Markt, hy het nog die geringe voorsprong, maar die vrees oorrompel hom, doof sy sinne. Hy kyk om, sien hulle hardloop ook, 'n lem wat blink in die helder son. "Here, help!" Hy weet nie of dit woordeloos in sy kop of gillend oor sy lippe kom nie, dit is hoe dit gaan eindig, in Delft, in Doelenstraat in Delft, hy had geen band met dié plek nie, hy gaan as vreemdeling vrek, hulle sal hom in 'n ongemerkte graf iewers begrawe, niemand sal weet van hom nie ...

Die onsigbare hand lig hom op. Hy sien sy voete van die grond af kom, en op daardie oomblik dink hy: Ek is dood, ek sweef. Die hand slaan hom so verskriklik hard teen die huis se muur, 'n donderslag wat pyn deur al twee sy ore laat skiet, hy roep weer na Bo, hy hoor die ribbes breek, dit is al wat hy kan hoor, sy eie beendere wat breek, dan is alles donker, alles donker, en hy voel die pyn, sy borskas, sy kop, sy ore.

Iets bo-op hom. Hy maak sy oë verskrik oop. Net sy regterhand kan beweeg, en hy vee daarmee oor sy oë – daar is bloed aan sy hand. Het hulle hom dan gekry?

Die muur, dit is die muur wat op hom lê. Hy beweeg. Dit is seer, maar hy kan beweeg. Hy kan die stukke van die muur van hom afdruk.

Waarom is hy doof? Hy beur orent om te sien waar hulle is. Pyn skiet deur sy flank, sy ribbes.

Hy sien alles is stukkend, die huise wat brand, en die vier wat agter hom was, is weg, heeltemal, asof die Hoër Hand hulle weggeraap het.

En dan sien hy die blou, tussen die kleurloosheid van die balke en die steen en die rommel en die roet. Die helder, helder spatsel blou.

Hy strompel daarheen, 'n stukkie kleur, 'n stukkie lewe.

Hy tel dit versigtig op. Hy sien die vrou. Hy snak na sy asem.

Dit slaan hul asem weg.

Teen 'n bleekwit agtergrond waarvan die tekstuur só lewensgetrou is dat jy daaraan kan vat, staan die vrou – dieselfde vrou, presies dieselfde een as in Fillis se foto. Maar nou kan hulle haar van kop tot tone sien. Want onder die blou mantel het sy niks aan nie. Haar voete is in die water van 'n stroom of 'n fontein of 'n bad en sy hou die mantel met al twee hande vas om haar borste en haar skaamdeel te bedek. Haar maag is rond asof sy swanger is, haar sterk bene is sigbaar van hoog bo die knie. En daardie gesig, daardie oë, vol deernis en geheime.

Dit alles in magiese lig. Die skildery hang in die Vermeulens se groot instap-geweerkhuis, in die kelder onder die opstal. Die speurders kyk na die skildery; die boer en sy vrou kyk na hulle.

“So mooi, en nou’s ’n vrou dood ...” sê Minnie.

“Dis niks met ons te doene nie, vrou.”

“Maar darem, Junior ...”

Bennie en Vaughn hoor, maar hulle bly staar na die skildery.

“Ons dink dit is Hendrickje Stoffels,” sê Minnie.

“Okay,” sê Cupido. Die betowering van die vrou en die skildery wil hom nie los nie.

“Wie?” vra Griessel.

“Rembrandt se minnares,” sê Minnie. “Rembrandt het haar dikwels geskilder, dis hoe ons weet hoe sy gelyk het. Maar hierdie is die enigste skildery waarin sy swanger is. Dit is uit 1654, kort voor Fabritius se dood. Daar was so ’n bietjie van ’n skandaal met haar ...”

“Nou’s ek deurmekaar,” sê Cupido.

“Ek ook,” sê Griessel.

“Sy en Fabritius het daardie invloed op ’n mens,” sê Minnie. “Kyk net hier – sien julle hierdie brandmerk?”

Hulle kyk. Teen die linkerkant van die skildery is ’n klein happie weg en die soom daarvan is swartgebrand.

Hulle knik.

“Kom ons gaan drink koffie, dan vertel ek julle alles.”

* * *

Die boervrou met die kuiltjies in haar wange vertel die verhaal met vaardigheid. Met behulp van haar man. Sy sê dit is maar die weergawe wat sy glo, want daar is min bewyse vir dié storie.

Sy sê Carel Fabritius se regte naam was Carel Pieters. Maar dit is nie belangrik nie. Fabritius was 'n leerling van die beroemde Rembrandt van Rijn. Vyftien jaar nadat hy onder hom studeer het, in die somer van 1654, het Fabritius weer vir sy ou leermeester in Amsterdam gaan kuier, en gesien Rembrandt se minnares en voormalige huishoudster is swanger met hul eerste kind. Terug in Delft het Fabritius dié skildery van Hendrickje gemaak, sekerlik as geskenk vir Rembrandt. Hy moes dit voor Oktober 1654 klaargemaak het.

Want om halfelf die oggend van 12 Oktober 1654 het die beheerder van die Kruithuis in Delft dié gebou, waar die buskruit van die stad geberg was, met 'n lantern binnegegaan. Niemand sal ooit weet wat presies gebeur het nie, maar die ontploffing, wat bekendstaan as die Delftse Donderslag, het meer as 'n kwart van die stad in puin gelê. Dit kon tot honderd-en-vyftig kilometer ver gehoor word.

Carel Fabritius, die geniale skilder met 'n groot loopbaan voor hom, was in sy huis toe die Kruithuis ontplof. Hy is op slag dood, en feitlik al die skilderye waaraan hy in daardie tyd gewerk het, is verwoes.

“Ek dink daardie brandmerkies aan die kant van die skildery het gebeur met die Delftse Donderslag,” sê Minnie Vermeulen. “En ek dink iemand het dit daar opgetel en ek dink daardie ou was 'n Van Schoorl gewees. Maar kom ek spring eers meer as driehonderd-en-vyftig jaar, sodat julle kan verstaan hoekom ek so dink.”

Sy sê die skildery, wat terloops op hout gedoen is, is al hoeveel geslagte in haar man se familie. Toe sy met Junior getrou het, het sy dit hier in die opstal se hoofslaapkamer sien hang, toe die plaas nog aan haar skoonpa, Willem Vermeulen senior, behoort het.

Dit was bekoorlik vir almal wat dit gesien het, maar min het die voorreg gehad. Want Senior is 'n stoere kerkman; die amper-naaktheid van die vrou was nie iets wat jy rondwys nie.

Toe Junior eindelijk die boerdery oorneem, het sy gevra of die skildery in die slaapkamer kan aanbly. “Nou goed,” het haar skoonpa gesê, “maar jy wys die ding nie rond nie. Belowe my.”

Toe belowe sy.

Minnie Vermeulen sê sy is ’n leser, al van kleins af. Sy lees enigiets, maar sy is altyd ’n bietjie agter met haar leeswerk, want daar is so baie lekker boeke, en so min tyd. Dit is waarom sy eers verlede jaar hier teen April by Donna Tartt se *The Goldfinch* uitgekom het.

“Wait a minute,” sê Cupido.

“Dis waarom die prof gepraat het,” sê Griessel.

“Dis reg,” sê Cupido. “What’s with the Tartt woman?”

Die boervrou sê Donna Tartt is ’n Amerikaanse skrywer wat ’n baie gewilde roman met die naam *The Goldfinch* geskryf het, oor ’n skildery van ’n goudvink wat deur dieselfde Fabritius geskilder is. Die regte goudvinkskildery hang vandag in die Mauritshuis in Den Haag. Maar dit is alles onbelangrik. Wat wel van belang is, is dat dié Tartt-boek Minnie Vermeulen laat opstaan het uit haar leesstoel buite op die agterstoep en na die skildery in die slaapkamer laat stap het.

Omdat sy geweet het sy het die naam Fabritius al gesien, en sy was seker dit is onderaan die prent wat voor hul bed hang.

En toe sien sy dit – in presies dieselfde Romeinse letters en handskrif, en in dieselfde jaartal as *Die Goudvink*.

“Ek kon dit nie glo nie. Ek wóú dit nie glo nie. Ek het met my vingerpunte so oor die olieverf gevryf om seker te maak dit is eg. Ek het vir Junior gaan soek en vir hom gevra hoe oud die skildery is. Ek het met skoonpa gaan praat, ek het alles gelees oor Fabritius wat ek kon, en toe het ek gaan rondkrap in die geskiedenis en in die argiewe om te probeer uitvind of dit eg is. Want ek het geweet as dit regtig ’n Fabritius is, gaan dit baie geld werd wees.

“Ek het nie bewyse vir alles nie, maar ek dink ’n ou met die naam Van Schoorl het op daardie dag toe die Kruithuis in Delft ontplof het, die skildery naby Fabritius se huis opgetel. En ek dink hy het twee weke daarna op ’n skip met die naam *Arnhem* Kaap toe gekom om vir die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie te kom werk. En ek dink sy seun het die skildery twintig jaar later verkoop aan een van Junior se voorvaders, ’n Van Reenen.”

Sy sê daar was eindelijk net een manier om heeltemal seker te wees of dit eg is, en dit was om die skildery aan kenners bloot te stel. Maar daarvoor was hulle nie gereed nie, want skoonpa woon hier op die dorp, en sy het belowe om die skildery nie rond te wys nie.

Toe soek sy op die internet en kom af op die webwerf van 'n maatskappy met die naam Restore, en hul kenner oor die Nederlandse skilders van daardie tyd. Alicia Lewis.

“Toe neem ek 'n foto van die skildery en ek stuur hom vir Alicia Lewis ...”

“Sonder om vir my 'n woord te sê,” val Junior haar in die rede.

“Dis waar, ek kan nie jok nie. Ek wou darem net eers hoor of daar iets in die ding is, verstaan julle? Elk geval, ek stuur die foto vir die vrou en ek vra vir haar of sy dink dit kan 'n regte Fabritius wees. Toe kry ek binne 'n dag 'n e-pos van haar waarin sy sê dit kan wees, en kan sy my bel, asseblief? Toe dink ek nee, o, Koot, sê nou maar sy gaan staan en vertel vir die hele wêreld hier's 'n Fabritius, pa Senior slag vir my af, en ek sê nee, ek het nie 'n telefoon nie, sy kan maar so oor e-pos met my praat. En toe, 'n paar dae later, toe stuur sy vir my 'n klomp foto's van Rembrandt se skilderye van Hendrickje Stoffels, en sy sê ek moet tog mooi kyk, is dit nie dieselfde vrou nie? En toe kyk ek, en ek sien die kanse is baie goed. Toe skryf ek vir haar terug, ja, ek dink dit is dié vrou, en toe is haar volgende e-pos hierdie elletjans een waarin sy sê sy stuur vir my 'n kontrak, sy wil my verteenwoordig, want ek is dit aan die wêreld verskuldig om die skildery uit te stal, en sy vra of ek besef, as dit eg is, dat dit meer as 'n biljoen rand werd is? Nou kyk, toe skrik ek vir jou. Sommer baie groot.”

Dit was die oomblik dat sy met die hele storie na haar man toe is. Junior het haar gevra wat die Lewis-vrou alles van hulle weet. Toe sê sy niks behalwe haar e-posadres nie – minnie43@mweb.co.za.

“Los dit dan, vrou,” het Junior gesê. “Pa sal ons ontfer, en ons het nie die geld nodig nie, en ons het nie 'n gedoente nodig nie. En dit gaan 'n groot gedoente wees, dié ding ...”

Nou sit die boer vorentoe en hy sê ja, dit het nie gehelp nie, want nou laas November, toe kom daardie speurdertjie hier op die plaas aan met so 'n foto'tjie op sy selfoon, en hy vra of my pa hier is, en ek sê nee, Pa woon op die dorp, en hy vra, maar ken ek dié skildery?”

“Dis dieselfde foto as die een wat ek vir Alicia Lewis gestuur het,” sê Minnie. “Maar hy is net baie kleiner gesny, dat jy net Hendrickje se gesig

kan sien. En 'n stukkies van die mantel.”

“Martin Fillis?” vra Cupido. “Was dit die speurder se naam?”

“Nee, dit was nie ...”

“Billy de Palma.”

“Dis reg. De Palma. En skaap wat ek is,” sê Junior, “lieg ek so sleg dat ek al lankal opgegee het om te probeer. En ek sê vir hom ja, ek het die skildery al gesien. En hy vra, waar? En ek kry verstand en ek vra vir wat wil hy weet? En hy hum en hy ha, maar hy wil nie vir my sê nie, en ek sê, maar dan het ons niks om oor te gesels nie. Toe is hy weer hier weg ...”

“En Junior kom vertel vir my, en ek sê, Junior, kom ons sit die ding in die kluis, netnou kom probeer iemand ons Fabritius steel. Toe sit ons hom in die kluis. En ek vat my foto, en ek laat hom opblaas en ek laat hom raam, en ons sit hom daar voor die bed op, sodat ek nog steeds vir Hendrickje kan kyk, want toe is ek en sy al beste vriendinne ...

“Hy’t skaars gehang, toe kom ons een Sondag, met Nagmaal hier op die dorp, uit die kerk uit en ek sit my foon aan, en die sekuriteitsmense se boodskap sê die huis se alarm het afgegaan, ons moet kom. En al wat gesteel is uit die hele huis is die foto van die Fabritius teen ons kamermuur, en my pêrels wat in die boksie op my spieëlkas onder die skildery gestaan het, en twee bottels ingelegde perskes uit die kombuis uit.”

“En toe?”

“Toe laat ek ’n groter, dikker deur aan die kluiskamer sit.”

19

“Ek het gedink julle het van die gesteelde goed teruggekry,” sê Willem Vermeulen junior. “Dis hoekom ek vroeër vir julle gevra het of julle nuus het oor die skildery. Want toe ons die saak hier by die polisie gaan aangee, toe sê ons net dit was ’n prent van ’n vrou met ’n blou mantel. Ieder geval, ons dag toe dis die laaste wat ons hoor van die ding. Tot Maandag toe.”

“Toe is hier ’n klop aan die deur, seker so halftwaalf. Junior was in die wingerde, ek is in die kombuis, besig om hertzoggies te bak, en ek gaan kyk, en hier staan die vrou, uitgevat, en sy sê: ‘Good morning, I’m looking for Willem Vermeulen.’ En ek sê ek is Minnie Vermeulen, aangename kennis. Sy kyk my só en sy sê: ‘Minnie. Of course. Minnie, we’ve spoken before. Via email. My name is Alicia Lewis.’ ”

“En toe?”

“Toe nooi ek haar in, en ek laat vir Willem uit die wingerde haal, want nou’s ek bang, jong, want ek het dié ding op myself gebring, dis ék wat vir haar die foto en die e-pos gestuur het, en hier is sy nou. Toe vra sy ook sommer dadelik of sy die Fabritius kan sien, en ek sê: ‘No, there’s bad news, just wait for my husband to come.’ En toe hy inkom, sê ek in Afrikaans hy moet nou saam lieg. Toe sê ons vir haar die skildery is gesteel – sy kan maar vir die polisie gaan vra, die saak is daar aangegee.”

“En toe?”

“Toe wil sy ons nie glo nie. Toe gaan wys ek haar waar dit in die kamer gehang het. Toe huil sy so, daar in my slaapkamer, dat ek haar moes troos. En ek voel so verskriklik sleg, want sy huil omdat ek vir haar lieg. Maar toe druk ons maar deur. Toe eet sy saam met ons middagete, en sy vra uit oor hoe groot en hoe mooi die skildery was ... En toe is sy hier weg.”

“Hoe laat?”

“Seker so ... Dit was laat, sy het lank gekuier, dis asof sy nie wou loop nie. Seker so by halfvier se kant?”

Junior beaam dit.

“Hoe laat is sy dood?” vra Minnie Vermeulen.

“Kort daarna,” sê Griessel.

“Ai, Heretjie,” sê Minnie en begin weer huil.

* * *

Die son sak al wanneer hulle terugry Bellville toe. Griessel bestuur. Cupido bel vir Mooiwilliem Liebenberg om te hoor hoe hy vorder met Martin Fillis.

“Hy sit nog hier. Dit lyk of sy alibi vir Maandag waterdig is, Vaughn. Oom Frankie maak nog seker van ’n paar details, maar Fillis was by sy kantoor. Sy selfoon wys dit, daar is ’n kamera by sy gebou se ontvangs wat hom wys, en minstens een van sy kliënte sê hulle het so teen drie-uur ’n vergadering met hom gehad.”

“Damn ... Wat van ’n contract killing, Willem?”

“Sy foonrekords vir die laaste maand wys niks verdags nie, Vaughn. Dis net as jy verder teruggaan ...”

“Ja?”

“Philip-hulle se stelsel het een vlaggie laat opkom. Daar was so ’n vlaag van oproepe tussen Fillis en ’n ou met die naam van Rudewaan Ismail. Meer as vier-en-dertig oproepe, heen en weer, vir ’n paar weke. Nou, Ismail het ’n indrukwekkende rekord. Hy is al sewe keer gebêre vir huisbraak, hy’s ’n pro ...”

“Wanneer, Willem? Wanneer het Fillis kontak gehad met Ismail?”

“Laat ek sien ...”

“November? Desember?”

“Dis reg, vroeg Desember. Hulle het ’n paar keer per dag gepraat, tot die veertiende toe.”

“Is daar ’n last known address vir Ismail?” vra Cupido.

“Ja, Mitchells Plain ...”

“Vra dat hulle hom inbring, Willem. Vir die diefstal van ’n painting op ’n plaas buite Villiersdorp ...”

* * *

Griessel en Cupido gaan loer in waar Frank Fillander en Mooiwilliem Liebenberg steeds vir Fillis ondervra.

Fillis sit nie meer nie, maar loop op en af in die vertrek, swets op hulle, sê hy gaan die Valke en die hele SAPD dagvaar. Die vloer lê vol stompies, die plek ruik na ou rook.

“Go ahead,” sê Cupido. “Ma’ laat ek nou vir jou iets sê, Billy-boy. We’re going to nail you. Jou pellie Rudewaan Ismail is op pad om vir ons te kom kuier. En hy gaan ’n deal maak met ons, I can guarantee it.”

“Fok jou, Vaughn,” sê Fillis maar lyk nou bekommerd. “Ek soek kos en water en sigarette. Ek praat nie verder met julle nie.”

Hulle loop. Fillis vloek agterna.

Hulle gaan na Cupido se kantoor om die Villiersdorp-polisiestatie te bel. Want hulle wil die dossiere van die inbrake hê.

* * *

Rudewaan Ismail is een-en-veertig jaar oud, rietskraal, met ’n dun potloodsnorretjie en ’n baie beleefde, onderdanige houding. Hulle sit met hom in Cupido se kantoor.

“Nee, sieurs,” sê hy, “die kriminele rekord, die guilty verdicts, dit was alles ’n misverstand – daar is goed by my geplant, ek is nie een wat steel nie.”

“Al sewe keer, brother?” vra Cupido.

“Hard to believe, I know, ma’ dis waar, sieurs.”

“Sieurs. Daai is old school, my broe’.”

“Dis maar hoe ek is.”

“Rudewaan, jy ken vir Martin Fillis ...”

“Sal nie kan sê nie, sieur ...”

“Nee, ons weet jy ken hom. Want ons het rekord van julle baie telefoonoproepe in Desember, en ons het vir Fillis homself hier anderkant in die interrogation room, en hy sing soos ’n canary. Hy sê dis jy wat die inbrake gedoen het, nie hy nie. Hy het maar net in jou oor gefluister ...”

“Nee, sieur, dit lui nie ’n klokkie nie ...” Maar die oë is skielik baie onrustig.

“Die ding is, Rudewaan, hy wil jou nail vir die crime. Hy wil lekker los hier uitloop, en jy gaan weer tjoekie toe. Daai’s nie reg nie.”

“Maar dis maar net sy woord teen myne, sieur ...”

“Dit is nie,” lieg Griessel. “Ons weet jy het handskoene aangehad met die inbrake, Rudewaan. Maar ons forensiese ouens het van jou hare op die toneel gekry. Hare val maar altyd uit, en nou gaan ons daardie hare laat toets vir DNS-bewyse, en dan kan ons jou op die toneel plaas. Jy gaan al weer tronk toe.”

“Ai, sieur ...”

“Hier’s die deal, Rudewaan,” sê Cupido. “Ons soek nie vir jou nie, ons soek daai slang van ’n Fillis. Ek sweer nou vir jou, jy loop vanaand ’n vry man hier uit as jy die waarheid vertel. Ek is jou get-out-of-jail- free card ...”

“Ai, sieur ...”

“Laaste kans, Rudewaan ...”

“Die regter gaan jou dié keer baie lank bêre,” sê Griessel.

“Sal die sieur die deal vir my op skrif sit?”

“Jy’s old school, ma’ jy’s nie dom nie, nè, broe’?”

’n Klein, senuagtige glimlaggie onder die potloodsnor. “Nee, sieur, ek is nie dom nie.”

* * *

Rudewaan Ismail vertel hulle dat Martin Fillis hom agt jaar gelede vir huisbraak aangekeer het, toe Fillis nog ’n speurder by Caledonplein was. “Maar toe arrest hy my nie, en toe sê hy van nou af soek hy vyfhonderd rand per maand protection money.”

Ismail het dit betaal, tot hy een nag in Durbanville op heter daad betrap is en tronk toe moes gaan.

“En toe, einde verlede jaar, toe kom Fillis by my aan, eerste keer in hoeveel jaar wat ek hom sien, en hy sê hy gee my tienduisend rand as ek ’n painting op ’n plaas gaan steel vir hom. By Villiersdorp.”

“Watse painting?”

“Vrou met die blou.”

“Ekskuus?”

“Vrou met die blou. Dis wat Fillis gesê het. Hy’t so ’n foto’tjie gewys, toe sê hy bring vir my die vrou met die blou.”

Die twee speurders kyk betekenisvol vir mekaar.

“Okay, gaan aan.”

“Toe gaan gesels ek so met die mense wat op die plaas werk, en toe sien ek, nee, Sondag met kerktyd is die beste. Toe gaan breek ek in, en ek sien da’ in die slaapkamer die vrou met die blou, dieselfde een as op die foto. Toe steel ek vir haar. Toe bring ek haar vir Fillis, ma’ hy sê, nee, ek is ’n imbesiel, want dis nie ’n painting nie, any idiot can see it’s a photograph. Toe sê ek ma’ dis die enigste vrou met die blou in daai hele huis, en ek soek my geld. Toe sê hy dan is die painting in die ou man se huis, en ek vra

watter ou man, en hy sê it doesn't matter, hier's die adres. Toe gaan ek en ek breek in by daai adres. Ma' da' was nie 'n vrou met die blou nie. So hy't my nou nog nie betaal nie. That's why I don't really mind ratting on the bastard."

* * *

Hulle arresteer vir Martin Fillis van Billy de Palma Private Investigations op aanklagte van medepligtigheid tot huisbraak, sameswering en handel in gesteelde goedere. Hulle sit saam met Mooiwilliem Liebenberg en Frankie Fillander, ondervra Fillis meedoënloos tot ná middernag oor sy doen en late Maandag. Hulle bestudeer weer sy selfoonrekords en sy alibi's, maar hulle kry niks uit hom nie behalwe swetse, verwyte en die aandrang om sy prokureur te skakel.

Hulle sluit hom in die selle by Bellville se SAPD toe vir die nag, en ry Sondagoggend ná een huis toe.

Vaughn Cupido is steeds seker Fillis het iets met die dood van Alicia Lewis te doene. Hy weet net nie waar hulle die bewyse gaan kry nie.

Bennie Griessel deel nie sy kollega se vermoedens nie. Sy moed is in sy skoene. Hy weet hulle het nie regtig 'n enkele verdagte nie.

Griessel is teen sewe-uur weer op. Hy en Alexa sit langs die tafel in die groot kombuis en koffie drink. Sy kop is vol van die skildery se bekoring en die ondersoek. Hy vertel vir haar van die Fabritius-werk se towerkrag en die ongelooflike reis, van 'n ontploffing in 'n Nederlandse dorp, driehonderd-drie-en-sestig jaar gelede, tot in die instapkluis van 'n plaasopstal in Villiersdorp. 'n Skildery wat dalk 'n biljoen rand werd kan wees, maar vir die eienaars daarvan is geld en vermoedelike roem minder belangrik as 'n bejaarde, afgetrede boer se sin vir waardigheid en fatsoenlikheid.

Alexa luister aandagtig, soos altyd. Haar gesig straal van bewondering vir hom en haar hand vat kort-kort meelewend aan syne. En hy weet dit is oomblikke soos dié wat hom oortuig het om met haar te trou. Oomblikke waarin sy hom waardig en nuttig en belangrik en gewaardeer laat voel.

En geliefd.

Hoe verduidelik jy dít vir Vaughn Cupido?

Sy sê sy gaan vir hom 'n lekker omelet met kaas en sampioene maak. Hy sê hy moet nou weer kantoor toe gaan, hy is 'n bietjie haastig, hy sal sommer Weet-Bix eet.

“Gaan stort jy gou. As jy uitkom is jou omelet reg.”

“Dankie, Alexa,” sê hy en stuur 'n skietgebed op dat die omelet redelik eetbaar sal wees, asseblief.

Onder die stort hoor hy haar inkom: “Jou telefoon lui aanhoudend.”

Hy trek die stortdeur oop. Sy hou sy handdoek in die een hand, sy selfoon in die ander.

“Wie't gebel?”

“Ek weet nie, dis net 'n nommer ...”

Hy kyk. *Two missed calls.*

Hy droog sy hand af. “Dankie, Alexa.” Hy staan daar in sy adamsgevaad en bel die nommer terug.

'n Stem antwoord gou. “Hallo, dis Willie.”

“My naam is Bennie Griessel. Jy het my foon gebel.”

“O, ja, jy’s die kaptein in die Valke?” sê die opgewonde stem. “Wat die Gebleikte Lyk-ding ondersoek?”

“Dis reg.”

“Jong, ek dink ek het ’n foto van die moordenaar.”

Griessel se hart sink. Met elke ondersoek is daar die grapmakers en die malles, die eensames, die slimjanne en die beheptes wat bel met voorstelle en oplossings en kritiek en teorieë.

“Hoe het jy my nommer gekry?”

“Ja, dit was nogal ’n storie. By julle forensiese ouens. Ek het eers met die polisie op Grabouw gepraat, wat vir my die forensiese mense se nommer gegee het, en toe sê daardie Arnold-ou ek moet met jóú praat.”

“En die foto?” Hy is nou seker dit is minstens ’n Arnold-grap.

“Ek is by die Cape Leopard Trust, ek is eintlik in Bettysbaai, maar ons het amper vyftig kameras, van die Groot Winterhoekberge by Porterville tot hier in die Kogelberg. Dis kameras wat ons stel om die luiperds af te neem – as hulle tussen die sensor en die kamera deurloop, breek hulle die straal en dan neem dit ’n foto, ons vors hul getalle en hul bewegings na ...”

“Okay,” sê Griessel, met die eerste vermoede dat dit dalk nie ’n grap is nie.

“Na die reën het ek bietjie gesukkel, gister, met modder op baie van die bergpaadjies, en toe loop ek laat. Teen die tyd dat ek by die Groenlandberg se kameras gekom het, was dit al donker, toe ruil ek net die memory card in die kamera, en ek kom huis toe. En toe ek vanoggend begin kyk na die foto’s, toe is daar ’n luiperd, ’n Toyota, ’n Volkswagen, en toe ’n klomp polisiemense, en so ’n bussie wat so op die kant sê: *SAPS Provincial Crime Scene Investigation Unit*. Toe bel ek die polisie op Grabouw, en hulle sê vir my julle het gister die kar daar gekry, van die Gebleikte Lyk-vrou.”

“Dis reg.”

“Nou, ek het ’n foto van die ou wat die kar daar ingery het. Datumstempel van die foto sê Maandagnag, hier net na elf.”

* * *

Griessel vra waar die man is, en hy sê hy is nou by sy huis op Bettysbaai, maar hy sal die oorspronklike geheuekaart waarop die foto is vir hulle bring, want hy wil nie hê dit moet “wegraak of iets nie”.

Bennie bedank hom. Hy trek haastig aan terwyl hy vir Alexa verduidelik dat hy nie tyd gaan hê om 'n omelet te eet nie. Sy gaan haal vir hom beskuit, sit dit in 'n plastieksakkie, en dan in sy baadjiesak, terwyl hy vir Vaughn Cupido bel.

Sy kollega sê: “Ons het hom, Benna, ons gaan daai etter van 'n Fillis nail vandag, ek sê jou nou.”

Hy eet die lekker mueslibeskuit wat Alexa by Woolworths koop, net so droog in die kar, en hy is eerste by die werk. Cupido kom tien minute later aan. Hulle staan ongeduldig buite op die trappe van die DPMO-gebou en wag vir Willie Bruwer, luiperdnavorser.

“Jy moes vir die ou gesê het om die foto te email,” sê Cupido.

“Hy was so gretig om dit vir ons te bring,” sê Griessel. “Ek dink hy wil so 'n bietjie deel wees van die ding.”

“His moment of glory ...”

Hulle wag amper 'n driekwartier lank, dan kom die Land Cruiser met klaende bande om die hoek van Voortrekkerweg, gooi 'n wye u-draai en hou voor hulle stil. Bruwer is jonk, Griessel skat hom nie ouer as vier-en-twintig nie. Hy het die kakie-en-groen klere van 'n natuurbewaarder aan. Bruwer waai vir hulle, klim uit, klap die voertuig se deur toe en kom aangestap met 'n swart dratas in die hand.

Hy stel homself voor en hulle skud almal blad. Cupido nooi hom in, en in die verlate ontvangsarea van die Valke, op die toonbank waaragter Mavis weeksdae sit, kry Bruwer die skootrekenaar aan die gang. Hy druk die geheuekaart in, roep die foto's op. Eers die luiperdwyfie, dan die grys Toyota.

Die gesig van die bestuurder is nie duidelik nie, maar daar is meer as genoeg detail om hom te identifiseer.

“Slaan my met 'n snotsnoek,” sê Vaughn Cupido. “I don't believe it.”

* * *

Hulle hou om 10:24 by die valhek van die Schonenberg Retirement Village stil. Hulle klim uit, haal hulle SAPD-eieningskaarte uit en wys dit vir die hekwag. “Ons is hier om vir prof. Marius Wilke te sien. Maak oop die hek. En jy sê nie vir hom ons is op pad nie.”

“Die prof is kerk toe,” sê die hekwag.

Hulle is afgehaal, want hulle was reg om hom te konfronteer.

“Dis die enigste hek hierdie?”

“Ja.”

“Hoe laat kom hy terug?”

“Seker so halftwaalf, as hulle nie gaan eet nie. Party Sondae gaan eet hulle hier by Waterstone’s.”

“Hulle?”

“Hy en The Hulk.”

“Wie’s The Hulk?”

“Die prof se drywer. Hy ry mos nie meer self nie.” En dan: “Bertie,” gesê met ’n sekere infleksie en ’n vinger wat teen die slaap tik. “So ’n bietjie sag hier bo.”

* * *

Hulle gee vir die hekwag presiese instruksies, dan ry hulle in, na Marius Wilke se huis.

“Ek is ’n idioot,” sê Griessel terwyl hulle die pad sit en dophou.

“Hoekom, Benna?”

“Wilke het gesê hy bestuur nie meer self nie. Ek moes hom gevra het hoe het hy by die hotel gekom vir sy ontbyt saam met Lewis.”

“Nee, Benna, da’s so baie maniere, these days ... Uber, taxi’s, die trein ...”

Maar Griessel skud sy kop. “Nee, ek sien hom nie in een van daardies nie ...”

“Well, dan was ons al twee idiots gewees ...”

Om 11:37 skakel die wag. “Hulle is nou net hier deur.”

Minder as ’n minuut later sien hulle die Volkswagen Caddy-bussie om die draai kom. Hulle klim uit, wag vir die voertuig. Dit hou in die middel van die pad stil, vyftig meter van hulle af. Hulle kan die professor se spierwit kop sien, en ’n bonkige vorm agter die stuur.

Die Caddy staan en luier, die deure bly toe. Hulle stap nader, kan sien Wilke praat en beduie; die bonkige een sit net.

Cupido haal sy dienswapen uit, hou dit langs sy sy. Griessel doen dieselfde. Hulle loop vinniger.

Die deur gaan aan die passasierskant oop. Wilke begin uitklim. “Ou Vaughn ...” sê hy, maar die glimlag is styf.

Cupido lig sy pistool en mik na die groot man agter die stuur. “Sê hy moet afsit, prof. Nou!”

Wilke praat na binne die voertuig, hulle kan nie hoor wat hy sê nie. Hulle begin hardloop, Griessel die naaste aan die bestuurderskant. Hy sien die man se oë is wild, hy is tussen hulle en die professor. Griessel skree: “Sit af die voertuig, of ek skiet!” Hy sien die vrees in die oë, wéét die ou gaan nou iets doen.

Marius Wilke se hoë eendestem sny deur alles: “Bertie, doen wat hulle sê!” kom die skerp bevel.

Bertie sit die Caddy af en lig sy hande stadig.

* * *

In die Somerset-Wes-polisiestase wys hulle die foto vir professor Marius Wilke, die een waar hy agter die stuurwiel van Alicia Lewis se gehuurde Toyota sit. Hy kyk daarna, sug diep en sê: “Dit was ’n ongeluk. Dit sweer ek vir julle, dit was ’n ongeluk. Sy het geval. Daar by die brug oor die Theewaterskloofdam. Dit was net ’n ongeluk. Maar ek het geweet niemand sal ons glo nie. Ek het geweet.”

Hulle neem hom op, met ’n videokamera sowel as met hul fone. Hy sê: “Ou Bennie, ek het nie vir julle die volle waarheid vertel nie.”

Maar dit was darem ’n deel van die waarheid: Hy hét die navorsing oor die skildery gedoen, die verwysing van Thibault – wonderlike, eerbare, slim, veelsydige Thibault – na die skildery gekry. Die skildery was deel van die Kaap, deel van die tapisserie van geskiedenis wat deur hierdie land verweef is. Hy het die stamboom van Gysbert van Reenen vir Alicia Lewis nagespeur. Van die een wat die skildery gekoop het, tot by Willem Vermeulen junior. Kaapse mense. Suid-Afrikaners. Deel van hiêrdie landstreek. Hierdie land. Wat beteken dit is Suid-Afrikaans, die Fabritius-skildery is deel van die murg en been van die Kaap. En Suid-Afrika.

En hulle moet verstaan, iémand moet die erfenis bewaar.

Want mense gee nie meer om nie, niemand gee meer om vir die geskiedenis en die kultuur nie, nie eens meer vir Die Taal nie, almal jaag net agter rykdom en roem aan. Hy het sy hele lewe lank gesien hoe die geskiedenis en geskiedkundige voorwerpe verwaarloos en beskadig word, hoe Afrikaans aangeval en afgetakel word. Nou, die laaste jaar of twee, die kunswerke en die standbeelde wat op kampusse verbrand en afgebreek

word in die naam van dekolonisasie en Rhodes Must Fall en al die ander sinnelose veldtogte ... Ons kan tog nie ons geskiedenis ontken nie. Ons kan dit nie verander nie. Verstaan die mense dit nie? Ons moet weet waarvandaan ons kom, voor ons weet wie ons is en waarheen ons op pad is.

So praat Marius Wilke, aanmekaar, 'n aanhoudende stroom van woorde en passie en smeking, in sy dun, hoë stem. Hy vertel vir hulle dat hy probeer het om die nege mense self op te spoor, maar hy het te stadig gevorder.

En toe hoor hy weer van Alicia Lewis, nou onlangs. En sy sê sy kom Kaap toe, en hy het nog laas belowe om 'n boek aan haar te oorhandig. Toe weet hy sy het die skildery gekry. En hy sien sy geleentheid, en hy gaan eet ontbyt en hy vat vir haar sy beste boek, sodat sy hopelik die Kaapse geskiedenis kan verstaan en so 'n bietjie waardeer. Sodat sy met 'n sagte gemoed na sy pleidooi sal luister. Want daardie oggend by die hotel het hy haar gesmeek: Moenie dat gierigheid seëvier nie. Moenie die skildery uit die land uit vat nie. Hou dit hiér. Maak dit bekend, maar help my om dit hier te hou.

Toe lag sy vir hom, en sy vat die boek, en daar gaan sy.

21

Toe gaan klim hy in die Caddy en sê vir Bertie om net daar buite die hotel te wag, hulle sal kyk wanneer sy uitkom, dan agtervolg hulle haar.

Lewis het Franschhoek se kant toe gery. Oor die Franschhoekpas, Theewaterskloof toe. Villiersdorp toe. Anderkant uit, na die plaas Eden van Willem en Minnie Vermeulen.

Willem Vermeulen was een van die name op die lys wat hy destyds vir Lewis gestuur het.

Toe weet hy dis waar die skildery is. Sy het dit kom haal.

Hy en Bertie het gewag, en toe Lewis weer laatmiddag uitry, wou hy net sien hoe lyk die skildery. Ja, hy wou dit baie graag sien, want dit sou bes moontlik die enigste keer in sy lewe wees dat hy die voorreg sou hê, hy is al 'n ou man. En hý het dit immers nagevors en opgespoor, hy het die reg ...

Nou goed, nou goed, hy wou die skildery sien én hy wou haar een laaste keer probeer oorreed om dit nie landuit te neem nie. Hy het geglo hy kán haar met sy intellek en logika tot ander insigte bring. Sy suiwer denke het al dikwels mense oorreed, sy is tog 'n slim vrou.

Griessel en Cupido het in hul loopbaan al honderde belydenisse gehoor. Maar nog nooit een wat só geanimeerd vertel word nie. Marius Wilke se stem hou aan styg, in toon en in emosie. Die klein lyfie ruk en rol met elke onthulling, die gesig, die oë, alles snoer saam in 'n verbete, frenetiese poging om hulle te oortuig dat dit die waarheid is.

Hy het vir Bertie gesê om by haar in die Toyota verby te gaan, om haar te kry om stil te hou.

Op die brug oor die dam het hulle dit reggekry. Alicia Lewis het uit haar gehuurde motor gespring en sy was baie kwaad. "How dare you, how *dare* you?" Hy het probeer paai, hy het probeer verduidelik, maar sy het met die polisie gedreig, sy wou net nie rede verstaan nie. Hy het gesê hy wil net die skildery sien, dis al wat hy vra.

"Fuck off, you little freak!" skree sy toe.

Hy het sy humeur verloor, want sy was 'n boelie. Hy het boelies geken toe hy 'n kind was, boelies wat hom en sy klein gestalte en sy skerp brein gehaat het, hulle het vir hom gesê hy is 'n frats, 'n gedroggie, dis waarom hy toe sy humeur verloor het. En daarby: Dit is sy passie, sy lewenstaak, sy liefde vir die geskiedenis wat hom genoop het om haar te laat stilhou, en nou vloek sy op hom? Op hóm, wat haar gehelp het om die skildery te kry?

Sy wraak, sy terugslaan ná haar boeliewoorde, was nie geweld nie. Nee, dit is nie hoe hy is nie. Al wat hy in daardie oomblik van woede wou doen, was om sy boek terug te vat. Die een wat hy daardie oggend by ontbyt vir haar geteken en gegee het.

Hy loop toe na haar kar toe, pluk die deur oop en gryp haar handsak. Die boek is daarin.

Sy skree en vloek, gryp een band van die handsak, en sy trek. En hý trek. Hy is klein en oud en swak; sy is sterker, groter, jonger en swaarder. Hy besef dit is nutteloos.

Hy maak die groot fout en laat los die handsak se band. So skielik.

Sy steier. Sy val, oor die reling van die brug.

Hulle hoor die siek slag wanneer sy iets tref.

* * *

Hy staan in skok. Hy hoor Bertie, liewe, liewe Bertie staan en kerm soos 'n kind. En dan besef hy nou moet hy sy intellek gebruik om hulle al twee te beskerm, sy logika, se redenasievermoë. Maar veral vir Bertie. Want Bertie is soos 'n kind, Bertie kan nie aanspreeklik wees nie. Bertie was die seun van sy buurvrou, toe hy nog op Stellenbosch gebly het. Bertie het met die motorfiets geval, jare terug. Daar was breinskade. Bertie het by sy ma gebly, sy ma het vir hom gesorg. En toe is sy ma oorlede, en Bertie het niks en niemand, en toe ontferm hy wat Marius Wilke is hom oor Bertie en hy gee vir hom 'n werk. Kom ry my rond, Bertie, ek kan nie meer self ry nie. Hy gee vir Bertie trots. Dit is tog nie 'n slegte man wat so iets sal doen nie.

Hy staan in skok daar op die brug oor die dam, maar hy kry beheer en sê: “Stil, Bertie. Dit was net 'n ongeluk.”

En hy dink oor alles. Hy dink oor hoe dit gaan lyk. Hulle het haar immers agtervolg. Soos misdadigers. Hulle het haar van die pad af gedwing. Dit gaan baie sleg lyk. Niemand gaan hom glo nie. Hy sal plan moet maak. Om Bertie te beskerm, eintlik maar net om Bertie te beskerm.

Toe maak hy sy planne.

In die skemer het hulle 'n grondpaadjie gekry wat afdraai, sodat hulle haar liggaam daar onder die brug, op die droë grond van die dam se vloer, kon gaan kry. “Dit is die droogte se skuld dat sy dood is, twee jaar gelede sou sy in die water geval het. Dit is die droogte se skuld.”

Hulle het haar liggaam in die Toyota se bagasiebak gelaai. Hy het vir Bertie Grabouw toe gestuur om bleikmiddel te gaan koop, soveel as wat hy kan kry, maar nie meer as twee bottels by elke winkel nie. En bottels water, waslappe en 'n emmer. Want hy wat Wilke is, is belese, hy is ingelig, hy kyk al die misdaadprogramme op TV. Hy weet van bleikmiddel en DNS.

Hy het ook haar selfoon uit haar handsak gevat en teen die beton van die brugpilaar stukkend gekap, want hy weet van selfone en wat hulle alles kan verklap.

Hy het by haar gewaak tot Bertie kom.

Hy het vooruit gery met haar kar, 'n klein plaaspaadjie gesoek en toe daardie een gekry. Daardie een waarop hy met die luiperdkamera afgeneem is. Hy was só snaarstyf, só gespanne, hy het nie geweet hy word afgeneem nie.

Bertie agterna. Hulle het haar motor gewas. Hulle het haar kaal uitgetrek, haar gewas. Toe sit hulle haar terug in die katebak. Hulle het haar handsak en haar klere en motorsleutels saamgeneem, al die leë bleikbottels en waterbottels en lappe. Hulle het dit uit die Caddy gegooi, een vir een, al langs die pad, elke vyf of ses kilometer.

Bertie het hom gaan aflaai by die huis in Somerset-Wes.

En toe sien hy op die nuus van die vrou in die pas, en toe bel hy vir Bertie en hy vra: “Wat het jy gedoen, Bertie?”

Toe sê Bertie: “Sy het in die donker gelê, prof. Dis nie reg nie, jy los nie iemand so in die donker nie.”

Bertie het haar gaan haal en haar daar in die pas gaan uitstal.

Die Dinsdag bel die bank vir Bennie Griessel, net voor middagete.

Die vrou is baie vriendelik. “Jy is die koerante vol,” sê sy. “Jy’s eintlik beroemd.”

Hy kry nie ’n antwoord wat vir hom werk nie.

“Hoekom het jy nie gesê jy is by die Valke nie?”

Dit staan daar op sy aansoekvorm by hulle: DPMO. Maar hulle weet nie dit is die Valke nie. Steeds sê Griessel niks.

“Ons staan graag die lening toe, Bennie. Kan ek maar sê ‘Bennie’? Kom gerus in, dan teken ons alles, en ons wil sommer ’n paar foto’s ook neem as dit reg is met jou. Wanneer sal jou pas?”

Hy skud net sy kop. Nóú het hy iets wat hulle wil hê.

Opsomming

Daar ver onder in die Kaapse nag steel iemand skilderye waarop vroue in blou geklee is. En kaptein Bennie Griessel droom van verloofringe, en sy kollega Vaughn Cupido bekommer hom oor commitment. En die private eye Billy de Palma, “narcissist, psycho, real arsehole”, is besig met sy gewone onheilighede.

Maar hier bo in Sir Lowryspas lê ’n vrou wat dit alles gaan verander. Sy is heeltemal kaal, uitgestrek by die groot uitkykpunt, haar kop na die noorde, haar voete na die suide. Iemand het haar liggaam mooi gerangskik en met bleikmiddel gewas om al die forensiese spore uit te vee.

OceanofPDF.com

Oor die skrywer

Deon Meyer is voltyds skrywer en woon op Stellenbosch. Sy publikasies sluit in twaalf romans (*Wie met vuur speel*, 1994, *Feniks*, 1996, *Orion*, 2000, *Proteus*, 2002, *Infanta*, 2004, *Onsigbaar*, 2007, *13 Uur*, 2008, *Spoor*, 2010, *7 Dae*, 2011, *Kobra*, 2013, *Ikarus*, 2015 en *Koors*, 2016). *Orion*, *Proteus* en *Infanta* is met die ATKV-prosaprys bekroon.

OceanofPDF.com

Ander boeke deur Deon Meyer, steeds in druk:

Wie met vuur speel (1994)

Feniks (1996)

Orion (2000)

Proteus (2002)

Infanta (2004)

Onsigbaar (2007)

13 Uur (2008)

Karoonag en ander verhale (2009)

Spoor (2010)

7 Dae (2011)

Kobra (2013)

Die ballade van Robbie de Wee en ander verhale (2015)

Ikarus (2015)

Koors (2016)

OceanofPDF.com

Ander boeke deur Deon Meyer, ook beskikbaar as e-boeke

Feniks (1996)

Orion (2000)

Proteus (2002)

Infanta (2004)

Onsigbaar (2007)

13 Uur (2008)

Karoonag en ander verhale (2009)

Spoor (2010)

7 Dae (2011)

Kobra (2013)

Die ballade van Robbie de Wee en ander verhale (2015)

Ikarus (2015)

Koors (2016)

OceanofPDF.com

Human & Rousseau,
'n druknaam van NB-Uitgewers,
'n afdeling van Media24 Boeke (Edms.) Bpk.,
Heerengracht 40, Kaapstad 8001
www.humanrousseau.com

Kopiereg © deur Deon Meyer 2017

© Oorspronklik in Nederlands gepubliseer deur Stichting Collectieve Propaganda van het
Nederlandse Boek (CPNB) en A.W. Bruna Uitgevers, 2017

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie elektroniese boek mag sonder die skriftelike verlot van die uitgewer
gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie,
hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -
ontsluiting.

Omslagontwerp: Mike Cruywagen
Omslagfoto: Deon Meyer
E-boekontwerp: Purple Pocket Solutions

Ook beskikbaar in druk:
Eerste uitgawe in 2017
ISBN: 978-0-7981-7690-3

Epub-uitgawe:
Eerste uitgawe in 2017
ISBN: 978-0-7981-7691-0 (epub)

Mobi-uitgawe:
Eerste uitgawe in 2017
ISBN: 978-0-7981-7692-7 (mobi)

OceanofPDF.com

Inhoudsopgawe

[Titelblad](#)

[Voorwoord](#)

[Hoofstuk 1](#)

[Hoofstuk 2](#)

[Hoofstuk 3](#)

[Hoofstuk 4](#)

[Hoofstuk 5](#)

[Hoofstuk 6](#)

[Hoofstuk 7](#)

[Hoofstuk 8](#)

[Hoofstuk 9](#)

[Hoofstuk 10](#)

[Hoofstuk 11](#)

[Hoofstuk 12](#)

[Hoofstuk 13](#)

[Hoofstuk 14](#)

[Hoofstuk 15](#)

[Hoofstuk 16](#)

[Hoofstuk 17](#)

[Hoofstuk 18](#)

[Hoofstuk 19](#)

[Hoofstuk 20](#)

[Hoofstuk 21](#)

[Hoofstuk 22](#)

[Oor die boek](#)

[Opsomming](#)

[Oor die skrywer](#)

[Ander boeke deur Deon Meyer](#)

[Ander e-boeke deur Deon Meyer](#)

[Kolofonbladsy](#)